

MAART  
1959

TYDSKRIF VIR

# LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- ARTIKELS  
Die Volklose Afrikaner — A. Alberts  
Ons Kulturele Verdrae — L. Schultz
- VERHALE  
Die Amandelboom — R. J. J. van Rensburg  
Meestermetsler — Raymond Brulez  
Maria se Verjaardag — S. Burger
- GEDIGTE  
S. J. du Toit, D. F. Malherbe,  
A. J. J. Visser, R. A. Coetzee,  
R. van Rensburg, E. Mocke,  
P. Bekker, L. Schultz.
- BY DIE JONGERES
- BOEKBESTREKINGS

JAARGANG 9 NOMMER 1

# HOU VAKANSIE SOOS 'N WÊRELDREISIGER



Beplan NOU 'n reisevakansie en besoek die mooi dele van ons land — daardie plekke wat jaarliks duisende toeriste van oorsee lok. Laat

die Spoorwegreisburo vir u 'n reisevakansie reël in die Unie of enige gebied in Afrika — een wat by u verloftyd en beursie inpas.



Daar's toere na almal se smaak. U reis waarmee u wil — toerbus, trein, boot, vliegtuig of safarimotor. U gaan waarheen u wil en wanneer u wil. Die Reisburo

sorg dat u plekbespreking en hotelverblyf agtermekaar is. U weet vooraf wat die totale koste van u toer gaan wees. Hou hierdie keer vakansie soos 'n wêreldtoeris.



Reis — en GENIET meer . . . sien MEER !

## TER LOOPS

*Die Reisburo doen boot- en vliegtuigbesprekings op enige redery na enige plek in die wêreld.*

*Oonthou! 'n Reisiger sonder sy kamera is soos 'n jagter sonder sy geweer.*

**BRING U KAMERA SAAM!**



# SAS

TREINDIENS · PADVERVOERDIENS · REISBURO · LUGDIENS

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die  
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

●  
Redakteur: ABEL COETZEE  
●

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE  
H. A. FAGAN  
P. C. SCHOONEES  
W. A. DE KLERK  
M. S. B. KRITZINGER  
B. KOK  
P. J. NIENABER  
B. CONRADIE  
J. KROMHOUT  
België. ANDRÉ DEMETS  
Nederland:

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff by Johannesburg

Intekengeld: 20/- per jaargang, posvry.  
●


JAARGANG 9

NOMMER 1

*Let wel:* a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur,  
p.a. Posbus 1176, Johannesburg.

b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie,  
intekening, advertensies word gerig aan Mej. S. Victor.

**MAART — 1959**



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services

## I N H O U D

	<i>Bladsy</i>
SONNETTE, S. J. du Toit .....	5
DIE VOLKLOSE AFRIKANER, A. Alberts .....	6
ROBOT, D. F. Malherbe .....	16
DIE AMANDELBOOM, R. J. Jansen van Rensburg .....	18
GEBED e.a. GEDIGTE, A. J. J. Visser .....	26
DE MEESTERMETSER, Raymond Brulez .....	28
HERINNERING e.a. GEDIGTE, R. A. Coetzee .....	31
MARIA SE VERJAARDAG, S. Burger .....	33
DRUIWE EN ASYN, R. van Rensburg .....	38
ONS KULTURELE VERDRAE, Lorenz Schultz .....	41
IMMANUEL, E. J. Mocke .....	50
GOUDVELDSE REËNROEPER, P. Bekker .....	51
DRIE GEBEDE, Lorenz Schultz .....	52
BY DIE JONGERES, Jacques van den Berg .....	53
BOEKBESPREKINGS EN AANKONDIGINGS .....	55
BRIEFWISSELING .....	59
SKRYWERSAANGELEENTHEDE .....	59



S. J. DU TOIT:

## Daar's Bossies

*Daar's bossies in die Koup hier langs die pad,  
Wat nou soos altyd aan die bulte kleef;  
Hul groei die eeue uit hier afgeleef,  
Dof soos die maan as lig van son hom vat.*

*Dis kraalbos en karobos en sowat . . .  
Hul sê 'n mens kan lange jare leef  
En uit hul veellheid nooit 'n eenheid weef,  
So brokkelbont 's hul waarheid weggeklad.*

*Hul is soos ek en ander, hulle is  
'n Wil nie en 'n weet nie en 'n wee,  
Opwerpsels uit die donker lewensee,  
'n Vlakke groei bo diepe doemenis.*

*Ons is maar speelgoed . . . in die Tyd geglip,  
Soos kraaie in 'n reus se kraaieknip.*

## 'n Lang Lint

*'n Lang lint is die grootpad na die Kaap,  
'n Slang wat kronkel op en af en weg,  
'n Slingerding die koppies deur en reg  
Tot waar die vertes hemelruintes raak.*

*Snel motorkarre spoed, dom donkies slaap  
Hul donkiedroom van eeue, lui, versleg,  
Verwate tydontkenners, baas in kveg,  
Ou swerwers op die weg, wat niks kan traak.*

*Ek sou van hul wil leer die wetenskap  
Van klokloos maak die uurglas van die wag,  
Ek ou galeiboef, op die sweep bedag  
Van stond na stond wat langs my roeibank stap.*

*Dan sou ek God se weg gaan ongestoord,  
Gods ieder uur, deur mensewil en -woord.*

A. ALBERTS:

## Die Volklose Afrikaner

Deur die eeue was daar mense wat die ongeluk gehad het om volkloos te wees. Hoewel hulle hulle nasies liefgehad het, en soms onsterflike dienste gelewer het, is hulle verstoot en enkele selfs gedood — net omdat hulle anders gedink het as wat die heersende dogma of die regerende tiran behaag het.

Baie manne wat die straf van ostrasisme ondergaan het is vandag van die beroemdstes in die geskiedenis, maar almal is nie geestesreue nie. Die meeste verdwyn in die vergetelheid. Terwyl die groot enkelinge as filosowe of wetenskaplikes van wêreldformaat onthou word, is die kleines soms alleen as groepe martelare bekend, soos byvoorbeeld die Hugenote en die eerste Christene.

Drie beginsels kan van die geskiedenis van sulke enkelinge en groepe afgelei word: In die eerste plek kan hulle nie maklik vir ewig volkloos gehou word nie, want party van hulle word selfs ná hulle dood, indien nie deur hulle eie nie, dan wel deur vreemde nasies erken. In die tweede plek is volkloosheid dikwels die gevolg van ontwikkeling. Die hele wêreld verander en mense verander saam, maar almal verander nie gelyktydig en in dieselfde mate nie. Dan lyk dit asof sommiges alleen anders dink, en hulle andersheid is dan 'n gruwel in die oë van dié wat hulle verbeel dat die tradisies wat hulle huldig nog nóóit verander het nie, of ooit sal verander nie. In die derde plek is daar die gedagte dat volkloosheid 'n noodsaaklike en onvermydelike stap in die evolusieproses van die enkeling tot 'n meer verhewe geesteswese is.

Dit gebeur ongelukkig dat 'n vader sy kind verwaarloos, onterf, mishandel en selfs vermoor. So doen volke soms met hulle burgers ook. Dis nie burgers alleen wat kan hensop en hulle nasie kan verraai nie, 'n volk kan ook jingoïsties wees en sy beste burgers verraai. Die Roomse konings van Frankryk het talle Franse burgers lewendig laat verbrand; en gelyktydig moes denkers, kunstenaars, teoloë, handelaars en nyweraars uit die ou kultuurstad Genève, waar Protestante so pas begin regeer het, wegvlug, as hulle nie gefolter wou wees nie.

Vir despote en magtige organisasies geld die reël: mag is reg. Hulle doen wat hulle in hulle eie belang ag; niemand



kan hulle immers tot verantwoordig roep nie. Hoe lank die mag behoue bly, en wat gebeur as dit verdamp, is egter die ander aspek van die saak. In Babilon is mense in leeuhoкке gegooi omdat hulle die god Mardoek nie wou aanbid nie. Wie die Mardoekisme verwerp, was nie 'n goeie Babiloniër nie! 'n Rukkie later is Nebukadnesar se onneembare vesting, met behulp van verraad, deur Kores beset. Die geheimsinnige skrif aan die muur het beteken dat daardie mense wat godsdiensvryheid verlang het, die vyand gehelp het om die staatsgreep uit te voer.

'n Meer bekende voorbeeld is die skeuring van Israël. Toe Rehabeam hom baas hou, het tien uit die twaalf stamme hom afgedank. So het die volksleiding omtrent tagtig persent van die burgers vervreem.

Dis nie bloot 'n kwessie van mag nie, maar ook van onderlinge afhanklikheid. Die volk is 'n onontkombare heelheid wat uit vrye enkelinge opgebou is. Die een is deel van die ander, en almal is saam deel van die harmoniese eenheid wat hulle gemeenskaplike bestaansvoorwaarde is.

Dat die Afrikanervolk soewerein is en sy eie lewensbeskouing kan bepaal, dat hy elkeen wat onkerklik is kan brandmerk, betwis niemand nie; want die mag is daar; maar . . . op die duur gaan die andersdenkendes of rebel-leer, of by 'n uitheemse groep aansluit, of sommer 'n verlore massa vorm. Volgens die voorbeeld van Israël kan dit tien uit elke twaalf burgers wees, wat so vir die nasie en vir die blanke ras, en vir die demokrasie verlore gaan. Die skade wat die nasie en die ras daardeur kan ly is onberekenbaar groot. So 'n verlore Afrikaanse stam bestaan reeds. Iemand het dit onlangs 'n blanke heidendom genoem. 'n Groot dagblad kla oor onverskilligheid by die groot volksmassa ten opsigte van ons kultuurstryd en ander geestelike bates. Siedaar die skrif aan die muur!

By ons word ostrasisme om verskillende redes en beweegredes toegepas. 'n Mens verbaas jou soms om uit te vind wie daaronder ly; want ons is nie 'n nasie wat maklik eina skree nie. As 'n kind in die kerk huil, word sy mond toegedruk en hy word uitgedra. Ons kultuur, veral ons literatuur, is soos 'n kerk waarin almal moet swyg: die predikant alleen mag praat, en hy is vry om te sê of te suggereer net wat hy wil.

Wat die beweegredes betref, is die vernaamste dat die volk swak en arm is. Daardeur voel dit sy voortbestaan bedreig, en die ostrasisme is blykbaar 'n verdedigingsmaatreeël teen die bedreiging wat ongelukkig vriende beveg

en vyande versterk. Die gevoel van bedreig te wees kan maklik genees word: die volk moet sterk en ryk word. Dan kan niks of niemand dit bedreig nie. Om ryk en sterk te word is egter 'n basiese verandering, 'n heroriëntering van lewensbeskouing nodig, en verandering is juis die ding wat nie mag gebeur nie! Almal moet so dink, so voel, so glo soos die voorvadere. Intussen verander die hele wêreld. Ander nasies met wie ons moet kompeteer, verander en word ryk, verander en word sterk.

Die besorgdheid oor die voortbestaan kan vergelyk word by dié van 'n neurotiese ouer: sy kind mag nie op straat loop nie, want 'n motor sal hom omry; hy mag nie met 'n mes sny nie, want hy sal sy vinger raaksny; hy mag nie lees nie, want hy sal onsedelike tydskrifte lees; hy mag nie 'n eksperiment maak nie, die proefbuis sal ontplof!

Wat die redes betref, volg hier tien voorbeelde:

1. 'n Smelter kan nie 'n goeie Afrikaner wees nie; want die suiwere nasionalisme beskerm die volk teen ernstige bedreiginge; maar, almaskie, iemand wat sy verbruiks-goedere in uitheemse winkels koop, word nie gebrandmerk nie, al is die winkelier ook 'n verbete, ideologiese of biologiese vyand van die volk of ras.

2. Iemand wat nie aan die kerk behoort nie, is nie 'n Afrikaner nie; want die kerk het die volk teen verengelsing en verbastering beskerm; maar, daar is 'n kompromie: dit word nie vereis dat iemand opreg gelowig moet wees nie, die skyn is die ding.

3. Mense „wat vir die Engelse werk” soos amptenare, klerke, onderwysers en dosente aan sekere universiteite is hanskakies. Intussen egter arbei die hele nasie in 'n uitheemse handel- en nywerheidstelsel. So word muggies uitgesif, maar kamele ingesluk.

4. Afrikaners wat openlik die rewolusionêre natuurwetenskap aanhang, en uitdruklik teen die geopenbaarde orde kant kies, is renegate; maar almaskie, as hulle dit nie openlik nie, maar alleen by implikasie kan doen, is daar vrede.

5. Vreemdelinge word moeilik ingeburger, behalwe waar hulle alreeds dieselfde dogmas onderskryf.

6. As iets met iemand se bloed verdag is, is hy gedoem.

7. Iemand wat in sy beskouinge eerlik en opreg is, is meer onwelkom as 'n melaatse; maar daar is weer 'n kinkel:

as hy 'n politikus is, word sy eerlikheid en opregtheid as 'n groot deug gehuldig, sy foute en flaters daarmee verontskuldig.

8. Iemand wat in die breër sin konsekwent wil wees, kan nie 'n goeie Afrikaner wees nie. Dit word egter as 'n akademiese onderskeiding beskou as hy binne 'n bevooroordeelde kringetjie steekhoudend kan wees.

9. As jy die leer van Christus na jou eie oortuiging en insig probeer uitleef, is daar nie plek vir jou in die hemel nie: jy moet juis die naam dra dat jy aan 'n erkende kerk behoort.

10. 'n Skrywer wat sy oortuiginge duidelik in ondubbelsinnige prosa stel, se werk word nie aanvaar nie. Soortgelyke oortuiginge mag egter in liriese verse uitgespreek word, en met die Hertzogprys word dit dan as die hoogste skoonheid bekroon.

So ongemerk kom die konserwatisme op die troon sit, en dit word 'n tiranniese maatstaf waaraan die volksgebondenheid van elke lid van die volk gemeet word. Dan gebeur dit dat die stelsel self 'n dwingeland word, en die geestesinhoud van sy leerstellings heeltemal verdring word.

Dink daaraan hoe die evolusieleer oorspronklik uitgekryt is as die verwerping van God sonder meer, terwyl ons hele lewe tans deursuur is met die begrip van evolusie. Ongemerkt het ons 'n toestand bereik waar selfs die behoudendstes onder ons 'n vorm van evolusie aanvaar, en ten spyte daarvan het die Christendom nie verdwyn nie. Eerder is die geloof in God daardeur oneindig verstewig, want in evolusie het die werk van God vir ons duidelik geword. Tog was „evolusionisme” 'n tyd lank 'n maatstaf om te meet of iemand trou of ontrou aan sy land en volk en kultuur is!

Daar is geen denker of wetenskaplike wat die bestaan van God onvoorwaardelik ontken nie; maar elkeen het sy eie konsepsie van die Opperwese. Elke mense weet met absolute sekerheid dat hyself bestaan, en wel in so 'n sin bestaan dat daar behalwe homself nog iets anders, iets groters bestaan. Daardie Iets is God; maar verskillende mense sien dit verskillend as Liefde, Waarheid, Almag, Skoonheid, Natuurkrag, Alheelheid, Alharmonie, Alsiel, Energie, Wraaksug, Dierlikheid of Dogma. Die beswaar is nie teen God of teen enigeen van die menslike konsepsies wat van Hom gevorm word nie, en wat miskien reg of miskien verkeerd kan wees nie, maar wel teen die dwingelandy waarmee die aanhangers van een insig hulle idee

met geweld op ander mense wil afdwing. Die beswaar is teen 'n sekere tipe mens wat homself die reg aanmatig om oor sy medemens te heers, asof hy en alleen hy al die kennis en al die verstand en al die geloof en al die deug en al die goedheid en die hele Godheid in pag het.

Die vraag ontstaan of 'n nasie die wetlike en sedelike reg het om van sy burgers te eis dat hulle juis 'n gegewe leerstelling of konsepsie móét onderskryf, of anders volkloos moet wees, m.a.w. of 'n volk sy burgers mag verplig om onder die tipe mens te buig teen wie hierbo beswaar gemaak word, om een burger oor 'n ander burger te laat heers en een burger onder 'n ander burger te laat slaaf? Op hierdie vraag word soms geantwoord: „Daar is ook 'n volksetos — nie 'n mite om te glo nie, maar 'n opvatting van 'n volk oor wat hy wil wees.”

As ons egter die hipotese van 'n Afrikaanse volksetos objektief betrag, en dit van ons geskiedenis probeer aflei, vind ons dat vryheidsliefde die belangrikste element daarvan moet uitmaak. Vryheid was vir die volk selfs meer as die lewe van kind en vrou; vir die Hugenate meer as vaderland en moedertaal. Die volk stam van die Hollanders af, wat in die 17de eeu as die nasie met die grootste sedelike, verstandelike, ekonomiese en politieke vryheid bekend was. As ons 'n volksetos het, moet dit 'n vryheidsetos wees. As daar 'n Afrikaanse Gedagte is, is dit 'n vryheidsgedagte. Nou ontstaan die paradoks: hoe sou 'n vryheidsgedagte ooit gedagtevryheid onderdruk?

Een antwoord op hierdie paradoks is dat die veronderstelde onderdrukking nie bestaan nie, en bloot op misverstande oor en weer berus; maar dat die strydigheid deur 'n gebrek aan lewensruimte binne in die kultuurverband veroorsaak word. As 'n saal te klein is, sodat 'n deel van die gehoor buite moet staan, beteken dit nie dat die mense wat binne in die gebou is die ander uit die gebou uitgedruk het nie. Die saal is eenvoudig te klein. Dit wil dus voorkom asof die lewende nasie groter word as die dooie kultuurlop wat dit vroeër omhul het. Kinders wat groei, ondervind dikwels dat hulle skoene druk. Die volklose Afrikaner is, so gesien, een van die groeipyne van die volk.

Hierdie verklaring is baie aanneemlik, want dit impliseer dat daar nie slegte burgers binne in die volkshuis is nie, en ook nie slegtes daarbuite nie; maar dat ons kultuurbegrip eenvoudig te eng is. Die volksetos het dan niks met die verstarde kultuurlop te doen nie: inteendeel, die kultuur-

begrip het vir die volksetos self ook te nou geword, en 'n deel van die etos bevind hom ook daarbuite saam met die betrokke deel van die nasie. Die volk-etos is deels selfs ook volk-loos.

Die kultuurbegrip is nie soos 'n beskermende skilpaddop nie; want dié leef en groei saam met die dier. Dis nie soos 'n slangvel wat oud word terwyl 'n nuwe vel daaronder vorm, wat, nadat die slang vervel het, blink en soepel is nie. Dis ook nie soos blare wat in die winter afval, sodat nuwe bloeisel in die lente kan uitbot nie. Dit ontbreek die lewe se tipiese eienskap van groei en vernuwing, hervorming en renaissance.

Waarom is die kultuurdop dan so? Die mens span stoflike en geestelike middele in. Om die middele te vergaar, moet hy arbei, soms ook ly. Uiteindelik pluk hy die vrugte van die middele wat hy skeep, maar teen daardie tyd is hy reeds die slaaf daarvan. Geld is die bekendste van al die middele, maar die mens se klere, sy woonhuis, sy land, sy taal, sy tradisies, sy modes, sy godsdiens, kuns en wetenskap behoort almal tot sy skat van hulpmiddele: middele tot die doel van die lewe. Party van die middele, byvoorbeeld die taal, leef, en kan hulleself deur ontwikkeling by nuwe omstandighede se nuwe eise aanpas, maar die meeste is dood en verroes mettertyd. Hierdie dooie middele toon veral die neiging om nie nederige middele te wil wees nie, maar 'n verheerlikte doel op sigself te wil wees. Dan word middel doel en doel middel. Die baas word slaaf en die slaaf word baas.

Die monargistiese regeringstelsel was so 'n middel. Almal weet wat dit oorspronklik werd was, en hoedat dit later die volke verslaaf het, totdat rewolusies die wêreld daarvan bevry het. Enige nasie se lewensbeskouing is ook so 'n middel tot die doel van daardie nasie se geluk en welvaart; maar dis ongelukkig by uitnemendheid 'n middel wat oor sy doel wil heers, 'n skepsel wat, soos die monster Frankenstein, sy eie skepper wil vermoor.

Dit blyk dat middele aan die begin, solank die mens besig is om hulle te skeep, waardevol is, maar sodra hulle klaar geskep is, word hulle 'n las . . . tensy die eienaar die gawe besit om oor sy eiendom baas te bly. Hulle waarde lê nie in hulleself nie, maar in die skeppingsaktiwiteit van die skeppende gees. Dis duidelik dat nie die middele nie, nie die tradisie, die godsdiens of die taal 'n nasie versterk en verryk nie, maar wel die werksaamheid waarmee die middele geskep word. Hierdie werksaamheid móét self-

werksaamheid wees. Een mens, een volk, een geslag kan nie vir 'n ander mens, 'n ander volk of 'n ander geslag werksaam wees nie. Elkeen moet vir homself dink, self voel, self glo, self gehoorsaam.

Enige kultuurbate kan afgebreek en 'n ander in die plek daarvan opgebou word. Dit sou beter wees as om die oue te behou en te laat verrot, dan om die verrotte ding te verafgoed, en mense wat nie onder die verrotte ding wil buig nie uit die volksverband te ban. Niks hoef egter noodwendig afgebreek te word nie. Die jong geslagte wat leef, vir hulleself leef, behoort net vrygelaat te word om vir hulleself nuwe waardes, nuwe dogmas, nuwe gelowe en nuwe bygelowe te maak, soos hulle voorvadere vir hulle gemaak het. So sou die lewe homself in die vernuwing van die oue, en in die daarstelling van die gans nuwe verwesenlik.

Ons hoor elke dag dat die sedes nie met die vooruitgang van tegnologie tredhou nie. Die moeilikheid lê egter juis daarin dat die oorgelewerde sedes as absolute waardes verafgoed word, terwyl die tegnologie nie net ewolusie nie, maar dikwels rewolusie ondergaan. Wat die blanke sedes in Suid-Afrika kan red is net 'n Copernicaanse omwenteling van lewensbeskouinge, en Christus het die aard daarvan reeds vasgelê in die leer dat die dogma vir die mens en nie die mens vir die dogma gemaak is nie. Die hele euwel van volkloosheid, sowel as die sedelike ontwrigting by die jeug, spruit uit die onchristelike beskouing dat die mens vir die dogma, die doel vir die middel, gemaak is. Die dogmas waaraan die mens ondergeskik gestel word, is nie net godsdienstig van aard nie. Hulle neem tallose vorme aan, soos bv. dié van 'n farisiese formule, 'n politieke of ekonomiese ideologie, 'n simpele misverstand, 'n dwase wanbegrip of 'n kinderagtige illusie.

Enige kultuurbate, enige tradisie, kan afgebreek word: hoe kettters klink dit nie? Moet elkeen wat so 'n gedagte durf vorm, nie aan die galg opgehang word nie? Dink egter hieroor: Die Nederlandse taal is in Suid-Afrika afgebreek en deur 'n splinternuwe Afrikaans vervang. Niemand beskou dit vandag meer as 'n voorwêreldse ramp nie. Op geen plaas sien 'n mens meer 'n ossewa nie. Dis deur treine, motors en sleepwaens vervang. Die vromes ry nie meer met perdekarre en langtentwaens Nagmaal toe nie, wel met blink, ultra-moderne langstertvinmotors. Tog was die ossewa die wieg van ons nasie. Daar was vyftig jaar gelede 'n ryk ossewa-kultuur. Spore daarvan is vandag alleen in ons

letterkunde en in ons taalkunde te bespeur. Talle Afrikaanse woorde wat met die ossewa-kultuur in verband staan is vandag argaïsmes in die Afrikaanse Woordeboek, interessant vir taalfossielkundiges en historici alleen.

Die Afrikanerdom het van oudsher onbewus die beginsel aanvaar dat die doel meer is as die middel, die mens meer as die dogma, die waarheid meer as die formule, die egtheid meer as die skyn; en dat die mens baas is oor enigeen van sy skeppinge: hetsy stoflik, hetsy geestelik; hetsy heilig, hetsy profaan. Elke Afrikaner pas hierdie beginsel op duisenderlei wyse in sy private lewe toe. Daar is egter enkeles wat hierdie reg nie vir hulle mede-Afrikaners gun nie; wat vir hulle medemenses wil voorskryf wat hulle mag dink, doen of glo; en dit is waar die probleem van volkloosheid ontstaan, veral omdat magtige organisasies en instellings om selfsugtige redes hulle mag en invloed in dié rigting misbruik.

Volklose Afrikaners kan in twee kategorieë verdeel word; eerstens is daar die onbewuste, leierlose massa, wat doel-loos en koersloos op 'n ideologiese chaos rondobber, en waarvan duisende vir die nasie verlore gaan. Hulle is die slagoffers van die geelpers, die rolprent en die radio se internasionale banaliteitskultuur. Omdat die eie kultuur-begrip te eng is, vind hulle hulle toevlug daarin. Daarin verval, word hulle so onverskillig dat hulle geen sedelike wet meer erken nie. Waarheid kan vergaan, goedheid kan vergaan, dit traak hulle nie! Al waarin hulle effens belangstel is die partypolitiek, soms omdat daar op daardie gebied nie teen hulle gediskrimineer word nie, en soms omdat dit hulle instinkte bevredig. As daar nie 'n kleurprobleem in ons land was nie, sou baie van hulle hulleself afvra wat die verskil tussen die demokrasie en die kommunisme nou eintlik is, nadat die demokrasie sy enigste voordeel, naamlik vryheid, verloën het.

Tweedens is daar 'n klein groepie denkendes, wat geen weg vind om hulle uit te leef nie; en wat hulle oortuiginge nie in die sogenaamde vrye pers mag uit nie. Intens ongelukkig is hierdie mense; want hulle wil sielsgraag aan die nasie behoort en dit help opbou, al moet hulle alles daarvoor opoffer. Dikwels bied hulle hulle dienste aan, maar dit word nie aanvaar nie; want ons kulturele gesag het 'n sesde sintuig waarmee dit vermeende kettters uitruik en die geringste afwyking in die kiem smoor. Ná jare van tevergeefse pogings, mislukte toenaderings en ander vernederings word hulle moeg, stomp hulle geesdrif af, verflou

hulle ideale — en sterf hulle siele. As jong mense was hulle besiel met liefde vir die nasie, vir waarheid, vir reg en geregtigheid; liefde vir die ware God en die eerlike godsdiens, maar daardie liefde het geen weerklank by die nasie gevind nie, geen wederliefde by die geliefde uitgelok nie.

Teleurgestel, sterf hulle hoop op iets groots of iets goeds, kwyn hulle begeerte om te help, om te dien. Hulle word vereensaamde verstoteling. Dan werk hulle sonder energie, sonder droom vir 'n stoflike bestaantjie, sommer soos masjiene of soos woordelose diere. Hulle is suf soos mense wat oor 'n dooie treur. Die dierbare wat vir hulle dood is, is hulle volk, hulle letterkunde, hulle nasionale bydrae tot die wêreld se filosofiese bates. Gewoonlik vol stille weemoed en onuitgesproke leed, raak hulle soms effe verbitterd.

As hulle uit die staanspoor egter rein van gemoed was, en alleen maar misluk het omdat ons kultuurdogma geen lewensruimte bied nie, mag hulle siele in 'n kosmiese eensaamheid herleef. Vir 'n oomblik kan hulle burgers wees van die Ruim Heelal waar almal welkom by God is, hoewel hulle nie welkom by hulle eie broers was nie. Vir 'n kort tydjie mag hulle leef soos 'n sielvolle dier behoort te leef, die waarheid wat hulle ontdek het teenoor hulle eie gewetens vryelik bely, en daarna in die vrede van die ewige dood wegsterwe.

Nie leed en teleurstelling, smart en bitterheid, hunkering na samesyn en dors na vriendskap alleen kenmerk egter hierdie vreemdelinge in hulle eie vaderland nie, maar óók intense geluk. Hulle is in 'n sekere sin die allergelukkigste Afrikaners wat ooit geleef het. Hulle het deur ontbering geleer om hulleself te wees. Was daar dan nie 'n tydvak in ons kultuurgeskiedenis toe die leus *Afrikaner wees jouself!* in ons sale gepryk het nie? Aangeneem dat die leus destyds maar net beoog het dat die Afrikaner die Afrikaanse taal moes handhaaf, sou dit dan 'n taal beoog het waarin niemand vir homself mag dink nie, 'n kultuurtaal wat niks tot die wysbegeerte moes bydra nie? Aangeneem dat die leus bedoel het: moenie Engelse gewoontes of denkwyses of gelowe na-aap nie, het dit dan wel bedoel dat die Afrikaner 'n geesteslaaf van Switserse leerstukke moes wees?

Die volklose Afrikaner se stryd is gewonne — nie die stryd om 'n plekkie in die moederhart van die volk nie, want die is onherroepelik verlore, siende dat hy nie eers die liefde wat selfs vir 'n stiefkind beskikbaar is, geniet nie, maar deeglik gewonne die sielstryd in homself met homself



oor wat vir hom waar en reg is. Gewonne is ook die stryd teen die versoeking om, ter wille van die nasie wat hy liefhet, sy eie oortuigings te versaak, homself op te offer en te verraai; en om te swig voor die eise van magtige organisasies deur te buig voor propagandistiese slagkrete soos dié dat die nasie sal vergaan as die burger vir homself sou durf dink, en die sogenaamde beproefde ou paaie sou verlaat: ou paaie wat vandag erosieslote is!

Die ergste hel wat hulle deurworstel het, was immers nie eensaamheid, verstotelingskap of vreemdelingskap in hulle eie land nie, maar wel die twyfel en tweespalt wat hulle siele verteer het toe hulle nog so erg afhanklik van, so kinderlik geheg aan, so stokblind van liefde vir die nasie was dat hulle hulleself gemartel het om die nasie te plesier deur te glo wat in hulle oë vals was en te handel soos volgens hulle insig oneties was. Die konflik binne in hulle eie siele teister hulle nie langer nie, en die berusting bring groter geluk as al die gemak en gerief, roem en eer, mag en rykdom wat die volk se gunste en gewes bied.

Die omkoopsom was groot, maar die menslike gees te groot om omgekoop te word. Om jouself te kan wees: hoe heerlik is dit nie!

Aristoteles het gedink dat die mens 'n sosiale dier is; want hy snak en smag gedurig daarna om lid van 'n familie, groep of nasie te wees. Dit is waar, en daarom ly hy wanneer hy samesyn, broederskap en moederlike liefde moet ontbeer. Dis egter nie die hele en laaste waarheid nie, want, soos Aristoteles self, is die mens ook 'n filosofiese dier. Hy het die waarheid, soos hy dit sien, lief en kan daarsonder ook nie leef nie. Sy medemens het hy so lief soos homself, maar die waarheid, soos hy dit leer ken het, het hy so lief soos sy God. As hy gedwing sou word om te kies tussen sy drang tot samesyn met sy mense enersyds, en sy wysgerige waarheidskennis andersyds, of tussen 'n dogma wat vir hom sinledig is en 'n vir hom lewende insig van God, of tussen wat hy self as reg of as onreg erken, sal hy altyd kies wat vir hom voorkom as die beste, die uiteindelijke. Want wat baat dit die mens dat hy 'n hele volk besit, maar sy siel verloor?

D. F. MALHERBE:

## Robot

*Fabriek se ratwerk dreun daaroor,  
dreun in die skrif van sy kantoor.  
Hy het die sin daarvan begryp,  
word daarom in sy aldag ryp*

*in uitbou van 'n groot tegniek,  
die olie vir mens en fabriek.*

*Maar by die band in vlug, neutraal,  
wat vlied, nooit vlied uit wiewealaal,*

*staan mens, 'n lewende robot,  
ontmens deur ag-uur-arbeidslot.*

*Van binne stomp, 'n ding neutraal,  
van rat aan rat se wiewealaal,  
en sonder wete waar begin  
of einde is of dieper sin*

*of samehang van ratmetaal,  
'n blinde in die werklokaal,*

*en sonder heerlikheid van son,  
verwelkte mens, outomaton.*

*Die vlugoord weg van werklokaal,  
bind hom met ander soort herhaal;*

*pouering van sy gees miskien?  
Die huurhuis gee 'n stuk stramien  
waarop 'n ander outomaat  
borduur in ewe voos klimaat,*

*tot hy, in self se binnekrot,  
benoud, 'n vasgekeerde mot,*

*tot hy met gees lugledig vlug  
weg van homself, soek straatgerug.*

*Self band aan vlug, self stuk metaal,  
self rat van die fabrieklokaal,*

*hy, mens in 'n vervalte tyd,  
vrees vir die straf van eensaamheid.*

*O nuwe klip in ruwe rand,  
geblaak, swart sierstuk van my land!*

*jou erts is soos dié van 'n myn,  
wat hulle weeg tot elke grein.*

*Ek ken 'n kolk by rotse kaal,  
waar eindeloos die waters maal,*

*en dink aan hulle by die band  
met nooit 'n voet op vaste land.*

R. J. JANSEN VAN RENSBURG:

## Die Amandelboom

21 MEI

Daar was vanaand net sop vir ete. Tamatiesop. Rooi met sulke grys-groen blaartjies wat daarin drywe. Ek het dit nie geëet nie. Dit het my bang gemaak. Dit het my aan daardie verskriklike aand onder die amandelboom laat dink. En aan jou. Aan jou en aan ou Hoender. Onthou jy nog ou Hoender?

Ou Hoender.

Daar was vanmiddag hoendervleis vir middagete. Of liewer net vir „ete.” Die twee middae laat die sin lomp voorkom. Ou Meester Minie het altyd só vertel. Maar ou Meester Minie het nie vir ou Hoender geken nie. Ou Hoender was ook lomp.

Die grys ou bewaarder het ernstig met my geredeneer omdat ek nie wou eet nie. „Jy móét iets eet. Jy sal al jou kragte nodig hê.” Sy hand was op my skouer. „Proe net aan daardie groente. Heerlike boontjies.”

Onthou jy nog die bone wat ons gekweek het daar in die tuintjie van Hutjie-teen-die-Heuwel? Onthou jy nog, Dorothy? Ou Hoender was versot op boontjies. Op kleure ook. Groen veral. Onthou jy die oggend toe hy so spoorloos verdwyn het. Ons twee het die ganse wêreld omgekeer. Jy was later op die rand van histerie. Toe het hy kraaiend die kombuisie ingewaaï. Vol modder, sy emmertjie in die hand. „Bookies!” het hy beduie. Die eerste boontjies van die tuin was almal in sy emmertjie. Jy het nie omgegee dat jou deftige tabberd besmeer word nie. Julle was byna één toe jy hom wild teen jou bors vasgegryp het. Vreugde het in die pekel geblink wat oor jou wange gestroom het. Ek het byna al vergeet dat liefde so mooi kan wees.

„Kom probeer net.” Die bewaarder se vingers het die vurk opgetel. Daar was ’n klein rofie op sy duim. Half-genees. Wanneer dit heeltemal genees is, sal ek nie meer hier wees nie.

„Ou seun, jy moet iets eet, anders gaan jy siek wees.” Ek het hom amper jammer gekry. Hy was verdrietiger as ek. Hy het my aan Moeder herinner. „Jy moet eet, anders sal jy nie groot word nie,” het sy altyd vertel. Ek het geëet en ek het groot geword. Die kringloop is voltooi. Byna voltooi. En nou? En nou?

„Anders gaan jy siek wees,” het hy gesê. Siek wees. Nee, ek gaan meer as siek wees. Ek dink ek gaan dood wees. Verskriklik en ontsettend dood.

Hy het my met 'n lepeltjie begin voer. Seker vleis. Dit het swaar en hard hier in my maag gelê. Soos klippies. Soos die klippies in die stroompie agter Hutjie-teen-die-Heuwel. Dit sal nie betyds verteer nie. Die klippies in die stroompie sal na 'n honderd jaar nog daar wees. Ek sal nie nog honderd jaar haal nie. Miskien nog 'n paar dae.

Ek kan die maan deur die selvenstertjie sien. 'n Vissie wat deur die wolke duik — moeg en koersloos.

Die sel is 'n spons en deurdrenk met maanlig. Dit spoel oor alles, hoop op alles neer, kruip in al die donker hoekies in en klou aan my oë vas. Taai, spookagtig.

Waarom moet die maan vanaand só wees? Jy en ek het hom mos anders geken.

Onthou jy die lente-aande in Kerkstraat? Onthou jy daardie maan? Daardie heuningmaan met sy sagte druiping van goud en silwer?

Waarom moet ek vanaand so ver oor die jare terugswef?

Waarom hang jy vanaand soos die eerste amandelbloei van die jaar aan die donker takke van my gedagtes?

## 22 MEI

Ek was gisteraand so verward. Verward en bang. Toe hulle my vanoggend vir my daaglikse wandeling deur die agterplaas geneem het, kon ek weer helder dink. Ek kon selfs weer glimlag.

Dit was 'n sprankelende oggend. Selfs in hierdie omstandighede was dit vir my iets besonder. Blou lug en skuimerige wolke en sonlig wat soos bergwater op alles blits. Kolletjies ryp op die vaal gras en 'n luggie wat die eerste asem van die winter teen jou vel kom uitblaas.

Daar is 'n klompie duiwe wat smôrens hier in die agterplaas rondstap en kossies soek. 'n Bloue met groot blink oë het manhaftig by my voete in die grassies kom pik. Ek het gaan staan. Hy het nader gewaggel en teen my skoene gepik-pik. Hy kon dit nie eet nie en het verveeld weggestap. Skielik het iets hom laat opskrik en het hy weggefladder. Oor die grys mure en in die rigting van die berge.

Die berge en die duiwe van die Boland sal vanjaar seker weer op hul mooiste wees. Of kan hulle nooit mooier wees as daardie naweek op Bosryk nie?

Ek was siek toe ek op Bosryk aangekom het. Siek na

gees en liggaam. Maar die rus en die stilte van die ou vakansieplaas het spoedig op my begin inwerk. Diep en genesend. „As 'n mens die lug van die Boland in botteltjies kon vang en toekurk, sou jy al die siekes van die wêreld kon genees,” het jou vader altyd gesê. Daar steek baie waarheid in sy woorde. Dit het daardie lug slegs twee weke geneem om my te genees. Van daardie twee weke onthou ek nie veel nie. Die troebel waters in my verstand het opgestoot en skille oor my oë gevorm. Maar die laaste naweek — en veral die Saterdagoggend langs die stroom — het diep hier binne vasgerank.

Ons het stil langs mekaar onder die bome deur geloop. Die jaar was jonk en lente was in die lug en in ons bloed. Die son het koesterend en milddadig deur die takke gegly en 'n lappieskombers oor die aarde oopgegooi. Groen blaartjies het skugter teen die bruin takke begin uitkruip en die voëls se ewige gebabbel was nie meer so sinneloos soos gewoonlik nie.

Ek het jou toe slegs twee weke geken. Tog het ons dié dinge verstaan en waardeer — stilswyend. Waar het die mooi begrip dan uitgegroeï? Ek was besig om afskeid te neem. En jy, was jy bewus daarvan? Eenmaal het ek in jou rigting gekyk. Die blink in jou oë het verraaï dat jou gedagtes besig was om dié dinge fyn te maal en die poeier van herinnering oor jou hart te strooi. Toe het 'n windjie skielik uit die gras en blare opgevlieg en speels 'n handvol sand oor ons gegooi.

„Daar is iets in my oog. Kyk of jy dit kan sien.” Jou een oog was toegeknypt toe jy voor my kom staan het.

Dit was moeilik om in jou oog te kyk. Die son was oor jou gelaat en dié fris geur van jou hare was in my neus. Ek het gesluk.

Skielik het ek vergeet van jou oog, jou mond onthou. My oë het gesak. Jou lippe het geblink. Hulle was oop — roerloos.

Albei jou oë was skielik oop en hulle het gebind met myne. Ek het jou gesig tussen my vingers nader getrek.

„Moet dit nie doen nie.” Jou stemmetjie het gebewe. „Ek sal jou klap!”

Ek het dit gedoen. Jy het my nie geklap nie.

Toe was dit stil. Jy het stadig van my weggedraai en ingedagte 'n wilgertakkie gepluk. Die blaartjies het jy een-een tussen duim en pinkie losgebreek.

Toe ons later teruggestap het, was die stilte nog nie verbreek nie.

Lente. Die wêreld was ryp. Songoud was oor jou uitgeplas. Daar was grasia in jou stap en 'n glimlag om jou mond.

„Jy weet natuurlik dat my ouers nog baie ouderwets is. As Pa van jou... eiegeregtigheid te hore kom, gaan jy braai.” Tergend en met vlammetjies in jou oë. „In dié kontrei beteken 'n soen 'n verlowing!”

„Wel, ek het dit immers so bedoel. Dan sal ek maar my sonde by hom moet gaan bieg.” Waar het die moed vir daardie woorde skielik uitgekruip?

Eers verbasing, gemaakte skok in jou oë. Toe het die son oor jou gesig oopgebars. Hoe het ons vingers so skielik verstrengel geraak?

Die lente om ons het meteens 'n lied begin sing.

### 23 MEI

Dit het die ganse dag gereën — geruisloos. Fyn en ononderbroke, treurig en troosteloos. Die laaste reën van die jaar. Winter is hier. Hy het netnou reeds by die venstertjie ingekruip en sy nat asem laat my bewe. Hy en ek sal mekaar nie vanjaar goed leer ken nie.

Die balju was vanoggend hier. Hy het 'n groot dokument oopgevou en gelees. Lank gelees. Hoogdrawende taal en vreemde regsterme. Ek het darem verstaan wat dit alles beteken. Die klein kamertjie met die sewe trappies. Sewe trappies en twee spoortjies. En my voete sal pas. Daar is geen pad terug nie. Geen pad nie, Dorothy.

Ek dink vanaand weer aan die nag toe Vader oorlede is. Ons het almal by hom gewaak totdat hy stil geword het daar in die klein uurtjies van die oggend. Jy was gedaan en ek het jou kamer toe gestuur om te gaan slaap. Ek het nog 'n uur daar by sy bed gesit voordat ek ook kamer toe is.

Ek het sommer in die donker ontklee, ek wou jou nie steur nie. Toe ek onder die wit lakens was, het my hand onwillekeurig gestrek in die rigting van jou bed. En in die duisternis tussen ons het jou hand vir myne gewag, dit vasgryp en simpatiek gedruk.

„Ek het gedink jy slaap. Hoe het jy geweet?”

„Ek het sommer geweet dat jy my nodig sal hê. Ek het vir jou gewag.”

Ek het jou weer nodig vanaand, Dorothy. Verskriklik nodig. Maar dit is nie die duisternis tussen twee beddens wat ons skei nie. Dit is die duisternis van twee wêrelde.

Jy was nog nooit so ver nie. Ek kan byna nie eers geestelik met jou in verbinding kom nie. Ek is bang.

Waar is jy vanaand, Dorothy?

Sal jou hand weer daar wees om myne vas te gryp as die groot nag toesak?

## 24 MEI

Ek het min geslaap verlede nag. Daar is 'n lampie wat bokant my bed brand. Dwarsdeur die nag. Hulle het my 'n sakdoek gegee om oor my oë te bind. Dit hou die lig darem uit.

Daar is ook 'n bewaarder wat die hele nag by my waak. Bedags is daar weer 'n ander een. Ek word nooit alleen gelaat nie. „Dis die Wet,” het hulle gesê.

Wet.

Hulle het my klere vanmiddag weggeneem en my 'n grys broek en hemp gegee. Daar is geen knope aan nie. „Dis die Wet,” het hulle gesê. Later het hulle my gemeet en geweeg. „Dis die Wet,” het hulle gesê. Netnou was 'n dokter hier by my. Hy het my hart ondersoek. „Dis die Wet,” het hy gesê.

„Die Wet verplig my om die maksimum straf vir jou gruwelike misdaad op te lê,” het die regter met die pienk gesig twee maande gelede aan my gesê.

„Dis 'n wet van die natuur,” het jou vader gesê toe hy aan ons verduidelik het waarom amandelbome slegs in pare kon groei. „Oubaas en Ounooi hier voor die deur kan nie sonder mekaar lewe nie. As die een sterf, sal die ander een ook sterf.”

Neem jy my kwalik dat ek geswyg het toe ek myself moes verweer het teen die wrede aanklag, teen die verdoemende getuienis wat die mense teen my opgestapel het? Was dit nie ook 'n wet wat dié dinge beheer het nie? Misdaad en straf. Straf. Straf of sosiale wraak. Is dit nie ook 'n wet nie?

„'n Oog om 'n oog en 'n tand om 'n tand.” Só sê die Wet van die Grootboek. Dominee Smit het dit gister vir my kom verduidelik.

„En wie is dan gestraf toe Hoender uit Ounooi geval het?” wou ek weet.

„Hoender? Ounooi?” Hy het gefronse.

„Hoender was my seuntjie en Ounooi is die een amandelboom op die werf van Bosryk,” het ek ongeduldig verduidelik.

„Ou seun, dink jy nie dat dit beter sal wees om nou maar



te bieg nie?" Hy het my bejammerend aangekyk. „Dit sal die beste wees.”

Ek het hom gevra om te loop en om asseblief nie weer te kom nie.

Daar is Wet in die natuur en in die mens, maar daar is so weinig begrip. Ounooi en Oubaas was twee reuse. Ounooi se wortels het die huis se mure laat bars. Ek wou hom uitkap. Jy wou dit nie toelaat nie. Jy kon nie verstaan nie, nie tóé nie. Eers later het jy. Ounooi was Hoender se geliefde speelplek. Maar jy kon nie begryp dat die boom gevaarlik kon wees nie. Die boom was besig om ons vas te rank, magteloos te maak. „Jy kan nie die natuur se wette verbreek nie,” het jy gesê. „Die natuur sal ons straf.”

Jou vader was ook vanmiddag hier. Hy sê dat hulle Ounooi laat uitkap het ná al die verskriklike gebeure. Hy het gewag om te sien of Oubaas vanjaar dalk sou bot. Maar hy gaan nie. Jou vader sê Oubaas is besig om te sterf.

Jy was reg, Dórothy. Die natuur het gestraf. Ons mag nie haar wette verbreek nie. Ons mag niks breek nie. Ons sal tot 'n val kom.

Ou Hoender het uit Ounooi geval. Hy het aaklig stil gelê. Sy nekkie was gebreek.

## 25 MEI

Daar is so veel wat ek nog wil vertel, maar ek kry net geen houvas op my gedagtes nie. Brokkies daarvan glip gedurig uit en dwaal in die niet rond. En dit is tog so vol hier binne. Ek grou diep, maar my hande bly leeg. Eenmaal het jy jou hand in die stroompie daar by Hutjie-teen-die-Heuwel gesteek. „Kyk, droog,” het jy gesê toe jy hom uitgetrek het. Miskien het my gedagtes ook soos daardie bergwater geword. Helder maar onbekombaar.

Jou vader was weer vanmiddag hier. My laaste besoeker. Ons het maar weinig gepraat. „Waarom het jy nie maar opgestaan en gepraat nie?” wou hy later weet. „Beteken dit dan vir jou niks as die mense jou verag en veroordeel nie?”

„Daar breek 'n tyd aan wanneer 'n mens leer om na binne te leef. As dinge wat vir jou dierbaarder is as jou eie lewe van jou weggeneem word, dan raak die lewe jou nie meer van buite af aan nie.” Ek het gelag — sinies? „Miskien is dit ook 'n Wet van die Lewe!”

Hy het sy arms om my skouers geslaan toe hy moes gaan. Daar was trane op sy wange.

„My seun!” het hy my genoem.

Miskien moes ons jou vader gevra het om by ons te kom

bly ná jou moeder se dood. As ons by Hutjie-teen-die-Heuwel gebly het, sou al hierdie dinge nooit gebeur het nie. By Hutjie-teen-die-Heuwel was daar geen Oubaas en Ounooi nie. Daar was dit net ons drie. Jy en ek en Hoender.

Jy was dikwels ontevrede omdat ek ons seun Hoender genoem het. Maar hy was ons seun, joune en myne. Ons twee kon hom mos maar só genoem het. Die mense het hom Dirk en Dirkman genoem. Hy het nie daarvan gehou nie. Maar hy was trots daarop as ek hom Hoender noem. Dit was 'n geheim tussen ons twee. Die wêreld het dit nie gedeel nie. Dit was 'n geheim tussen vader en seun.

Jy het ook nie daarvan gehou dat ek jou Doortjie noem nie. Jy was die wêreld se Dorothy, maar jy was my eie Doortjie.

Kan jy ooit al die dinge wat so wild deur my gedagtes begin tuimel, verstaan? Kan jy begryp dat Oubaas besig is om te sterf? Dit is tienuur. Dit is Sondagaand. Hoeveel kan 'n mens nog lewe in twaalf uur? Of hoeveel keer kan 'n mens sterf in twaalf uur?

Oubaas sterf. Jou stem sal nie weer die ou versie fluister nie. „Amandelboom, o Lentebruid . . .”

Lentebruid.

Lentebruid en Winterlyk.

## 26 MEI

Hulle het my 'n inspuiting gegee. Dit sal nou nie meer lank wees nie. Die bewaarder weier om my te sê hoe laat dit is. Ek sal maar wag vir voetstappe.

Ek het gisteraand 'n bietjie geslaap. En gedroom. Verwarde drome. Toe ek wakker word, was die verlede weer hier by my. Sterk en helder. Dit was weer ons drie en al die blink dinge van gister.

Kan jy dan nie begryp nie, Dorothy, ek moes Ounooi vernietig, ek móés! Sý het Hoender vernietig. 'n Oog om 'n oog. Vergelding. Wraak. 'n Wet. Maak dit verskil aan wie die wraak toekom?

Waar het ek die byl so gou gevind? Ek weet nie. Maar ek onthou dat ek Ounooi moes uitkap. Dit was nag. Jy het eenmaal probeer om my arms vas te gryp in die donker. Het jy seergeskry toe ek jou weggestamp het? Jy het aan my hemp vasgegryp toe ek die eerste hou wou kap. Jy het gepleit, geskree en gesnik. Ek was blind. Blind en doof en stom.

God, daar is voetstappe in die gang! Hulle kom my haal! Ek sal moet eindig.

Waarom antwoord jy my nie, Dorothy? Waarom? Het jy my nie vergewe nie? Kon jy dan nooit die groot liefde in my begryp nie? Waarom?

Waarom moes jy so onverwags voor my ingespring het toe ek die byl neergebring het? Waarom? Jou nek was dan so sag? Het jy pyn gehad? Slegs vir 'n oomblik? Jou bloed het geblink in die maanlig. Ek kon dit nie keer met my lomp hande nie.

Oubaas moet sterf. Waar is jy, Dorothy? Ek kan nie opstaan nie. Daar is rook in my keel. Ek stik. Iemand het sand in my oë gegooi.

Dis nag om my. „Amandelboom, o Lentebruid!” Ek struikel. Ek gaan val!

Strek uit jou hand deur die donker. Sy nekkie was gebreek. Ek kon die bloed nie keer nie.

Amandelboom.

O, Dorothy, waar is jy? Ek kan jou hand nie kry nie!  
O, Dorothy, ek val!

Jou hand . . .

## ENGELSE SIEKTE

In Den Haag is een troep padvinders „De Verkenners van de Duin-oordgroep,” die huis aan huis oude kranten en tijdschriften ophaalt ten behoeve van de padvinderij. Tevoren is de burgerij gewaarschuwd door een papertje in de bus, waarop de inzameling wordt aangekondigd. Die aankondiging heeft iets onoprechts, want er staat in, dat het eerste doel van de inzameling is: „Wij helpen U van Uw oude kranten en tijdschriften af.” Onoprecht, want iedereen kan ze aan de deur verkopen, of een handelaar in oud papier opbellen, die er geld voor geeft.

Maar wat niet minder vreemd is, op de achterkant van de kennisgeving staat dezelfde mededeling . . . in het Engels! De padvinders houden blijkbaar Den Haag voor een tweetalige stad, waar men met Nederlands alleen niet terecht kan. — J.S.

„Neerlandia,” Sept./Okt. 1958, bl. 66.

A. J. J. VISSER:

## Gebed van 'n Vuurtoring-opsigter

*Die bot van struik en mos in skadu-grotte  
is nog tekens van genade.  
Maak my ook vlam. Waarom smeul  
ek in dié nis van klip en water sonder dade?*

*Ek gryp U aan U woord: „gaan heen, verkondig,”  
en laat nie los voor die grense  
van tyd en plek nie opgeskeur word nie,  
want lig trek net soveel myle per sekonde  
en aan die eindes van ons planeet stuur mense  
af op 'n rots wat heimlik lag.*

*Verbreek en strooi my, Heer,  
in hierdie tyd se nag  
dat ek oral  
op die doodskus van die gees  
uitspoel en woordeloos  
U laatste woord kan wees.*



## Straatdienste

*Elkeen trek sy sinkdeur toe en steur  
nie aan sy hond se honger blaf.  
Uit agterstrate haas hul langs  
die drade van 'n spinnerak af.*

*Niemand weet waarheen die tou  
van skynbaar onverskilliges gaan.  
Hul gesigte is verdwaas, maar een  
het die drag van 'n bekende sekte aan.*

*Dan drom hul soos motte  
om die bepaalde straatlanup saam  
en sing, lees en bid en preek  
tot lof van God se heilige Naam.*

*So plous 'n klippie in die ligkolk  
een keer elke week . . . . .  
die sirkels waaier oop tot hul  
teen die oevers van die verste agterstrate breek*



## Aardbewing

*Ruk die aarde uit sy bepaalde bane los?  
Die wesens wat hy soos korrels uit 'n tros  
pluk en pars tot 'n gemors in elke skede  
hyg: genade, barmhartigheid en vrede.*

*Soos deur 'n skulp se suising heen  
hoor God heel die skepping smee en ween:  
„As een lid ly, ly al die lede,  
genade, barmhartigheid en vrede.”*

*Toe Sy oog se teleskoop in fokus draai  
en sien die aarde, soos 'n stout seun, ry skoppelmaai  
aan flenters tou wat flap uit elke ster en ag planete  
dreun Sy genade barmhartigheid en vrede*

*tot die wilde skommel, gis en pyn  
van die dopruïnes afgestook is tot 'n sterker wyn  
wat weer soos hoop sal vonkel as herboude stede  
kelkies klink op Sy genade, barmhartigheid en vrede.*

RAYMOND BRULEZ:

## De Meestermetsers

Een Koning belust op eenzaamheid liet zich te midden van een onmetelijke vlakte, waar alleen de roep van waterwild en het geritsel van riet de stilte kwamen verstoren, een paleis bouwen. De hoofdmuur stortte echter herhaaldelijk in. Vooreerst weet men dit ongeval aan de moerassige bodem; maar ook wanneer palen van stevig Transylvanisch eikenhout betrouwbare funderingen hadden geheid, brokkelden over nacht met donderend gedruis de pas gemetselde stenen ten gronde. Bouwmeester en aannemer schudden machteloos het hoofd: zo iets had hun jarenlange vakkunde en praktijk nog nooit ondervonden. De Koning liet zijn privétovenaars ontbieden, die hem vaak goede raad had verstrekt telkens wanneer het gold een oorlog in te zetten of vrede te sluiten. De grijsaard slofte in zijn getaande tabbaard rond op de bouwplaats, besnuffelde stenen en mortel, trok zich dan urenlang terug in zijn tent. Eenieder hield zich op betamelijke afstand. Wie zeer lijze-van-oor was, vernam echter het rammelen van gouden pannekens en het kloppen van vochten uit bizare violen alsook de incantatie van de tovenaars in bewoordingen die niemand kon verstaan. Een scherpziende bewaarde een wazige gedaante te bespeuren welke door de vrije spie der toegeschoven zijden gordijnen ontsnapte, en een fijnneus snoof de geuren van solfer en amber . . .

Eindelijk kwam de tovenaars uit zijn tent, krabbend in zijn vieze, rosse baard, ogenschijnlijk niet bijster op zijn gemak.

— „Zeg mij! Heeft het Orakel gesproken?”

— „Zeker, o heer! Maar helaas, ik breng U droevige mare. De onwaardse geesten welke heersen over deze desolate contreie zullen de bouw van uw paleis eerst dan toelaten wanneer gij hen een offer brengt . . .”

— „Wát verlangen zij?”

— „Een mensenoffer, de eerste vrouw die op de bouwplaats komt, moet in de hoofdmuur ingemetseld worden . . .”

— „Welaan, dit geschiedde.”

De Koning hield niet van vrouwen, hij beminde alleen de eenzaamheid . . . Met afgrijzen had het werkvolk toegeluisterd. Zwaar woog het truweel in de hand van de metsers, de schaaf in dié van de timmerman, de spade op de schouder van de gronddelver. Tenslotte ging elkeen bedrukt weer aan zijn taak, want Konings wil is wet en

zonder werken kan de ambachtsman zijn nooddrift niet stillen.

Op de hoogste steiger stond de meestermetser Nikolaas. Met de blik volgde hij de tovenaard die schuddebollend op zijn schurftig ezelen gezeten, terugreed naar de vermaledijde streek van waar hij was gekomen.

Maar zie! Groette hij daar niet iemand, wiens pad het zijne kruiste? „O God, dit is mijn vrouw, mijn lieve Bidirlitza die, als naar gewoonte, mijn brood en mijn kruik karnemelk brengt! Heer, sta niet toe dat zij tot hier gerake! Laat een bergketen en een stroom haar scheiden van deze onzalige bouwplaats!”

Zijn smeking werd verhoord.

Nikolaas zag hoe uit de mist, die boven de moerassen dreef, een grauwe massa zich als een zeegolf verhief, steeds hoger en hoger steeg, en, zoals een golf een witte schuimkam draagt, zich kroonde met sneeuwtoppen. Was dit een zinsbegoocheling? Neen. De bergketen bleef de horizont met zijn massa afsluiten; halverwege zijn helling botsten rokende wolken tegen zijn flank aan en aan zijn voet spoedde een brede stroom onstuimig voort. Verjaagd uit hun rustige broeinesten vlogen reigers en ander waterwild met toornig misbaar over het hoofd van Nikolaas.

De meestermetser dankte God. Zijn vrouw was gered. Met bedaard gemoed maar hongerige maag begaf hij zich te ruste.

Doch de liefhebbende vrouw folterde zich met de overweging: „Ik moet mijn man zijn maal bezorgen . . .” Trouwe liefde overwint alle hinderpalen . . . De hele dag klom Bidirlitza van rots tot rots tot zij, tussen twee ijsvelden in, een bergpas ontdekte. Te middernacht kon ze de wachtvuren rond de bouwplaats zien vlammen. Zij daalde de helling af, doorwaadde de wilde stroom. Bij het ochtendkrieken zagen de wachters een verkleumde, uitgeputte vrouw naderen. Zij sloegen haar in de boeien en voerden haastiglijk en beschaamd het nodig en noodlottig bevel uit.

Hoe wondersnel vorderde nu de bouw! De werklieden labeurden als behekst, maar men hoorde noch kwinkslag meer noch gefluit of gezang op de steigers. Tallenkante rezen de barre muren. Om hun stevigheid op de proef te stellen liet de Koning een stormram tegen de wanden beuken. Geen steenscherf splinterde af, geen mortelvoege gaapte! Het leek een paleis gegoten uit brons . . .

Zij die wisten verzwegen Nikolaas hun vreselijk geheim. Een goede kameraad loog uit compassie: „Niet een vrouw,

maar een hinde liet de Koning in de muur metselen . . .”

Het grootse werk naderde zijn voltooiing. Daar in den hoge pasten de meestermetser met zijn werkgezellen de sluitsteen in het gewelf. Deze zou met dunne zilveren platen belegd worden. De koepel moest fonkelen onder de zuiderse zon. Maar, terwijl zij hiermee bezig waren, hoorden de werklieden plots gekraak van hout. Zij bogen zich over de torentrans en zagen ontzet hoe een vierspan het hele steigerwerk wegrukte; de tovenaar met de spitse zwarte hoed bezaaid met maansikkels en zonneasters gaf zelf al grinnikend de labeurpaarden de zweep! De ambachtslieden begrepen dat ook zij als offers waren gekozen voor de onardse, boze machten bij wie de Koning in het gevele wilde komen. Zij waren veroordeeld om hier van honger te vergaan als krenkelingen op een verloren vlot.

Wellicht zou wanhoop hun einde verhaast hebben hadde de vernuftige meesterknecht niet een reddingsplan bedacht. Zij beschikten over hout en nagels, touwen en zilveren platen. Hiermede vervaardigden deze vernuftige lieden voor elk van hen een paar ruime vleugels, snoerden die vast aan schouders en heup. Zoals zij daar op de torentrans klapwiekten vooraleer de bevrijdende sprong te wagen, leken zij wel zilveren engelen. Dan ontsnaptten de gevangenen, een na een roeiend met forsigen wiekslag naar de kim achter dewelke genadiger oorden moesten liggen. Zoals een zeekapitein slechts, als laatste, het zinkend schip verlaat zo was de meesterknecht alleen overgebleven. Eindelijk deed ook hij de bevrijdende sprong . . . cirkelde tartend boven de hoofden van de razende Koning en zijn tovenaar. Maar toen hij meende zich te richten naar de besneeuwde bergtoppen achter dewelke de geliefde vrouw zeker op hem wachtte, vernam hij, gesmoord maar toch herkenbaar uit de diepte der muren, een stem klagend: „Nikolaas, Nikolaas, Nikolaas! . . .”

Zijn hart begaf, zijn armen staakten hun machtig roeien en in een schitterende dwarreling van verlamde vleugels stortte de meestermetser te pletter aan de voet van de vestingstoren.

## NATIONALE PERSOONLIKHEID

Een federaal Europa zal dan ook niets te maken hebben met een superstaat of een wereldstaat. Het zal een samenstel zijn van rechtsgelijke delen, sterker naarmate deze delen uit eigen kracht tot groter bloei geraken. Een Nederlander zal een Nederlander blijven. Bevredigt hem dat niet, dan kan hij beter emigreren naar een ver land, want hem ontbreekt ook de aanleg tot Europeaan. — J.S.

„Neerlandia,” Sept./Okt. 1958, bl. 61.



R. A. COETZEE:

## Herinnering

*Kom, in die stilte van die nag,  
O, weerklank van vergange tyd  
se lieflikheid;  
kom met jou melodie, so sag —  
jou kinderlag!*

*Kom, as die wintermaanlig skyn,  
met lenteliefde, kort van duur  
en laat jou vuur  
gloi, in 'n hart wat koud moet kwyn,  
alleen in pyn!*

*Kom, as die nagwind klaend sing,  
met geurigheid en goue gloed;  
O, kom versoet  
al wat die jare ons ook bring —  
herinnering!*

## Terugblik

*Hoe lieflik was dit om oor vlaktes heen  
in weidse rustigheid, daar ver, alleen  
te dwaal en mymer in die môrestond;  
en O, om saam, soos lank gelede, berg  
te klim; te klouter waar die kranse terg,  
tot ons, ten laaste, triomferend staan!*

*Hoe anders word my paadjie dan, terwyl  
ek in die stof van strate werk toe yl,  
waar menigtes, soos miere rondkrioel;  
en tog, selfs hier ook het die swawels soms  
gesing en lentelieflikheid se koms  
het telkens weer, opnuut, my hart laat juig!*

*Nou is dit skemeraand en rustig kom  
en gaan ek, langs my tuin se muur. Verstom  
jou nie; ek wandel in die koelheid voor  
ek huis toe gaan; hier waar die wondergeur  
van baie blomme sweef . . . Hoe sou ek treur!  
Ek sing my loflied, wyl die aandster skyn!*

S. BURGER:

## Maria se Verjaardag

Êrens in die Karoo, in 'n klein dorpie, is daar 'n eenvoudige huisie in 'n agterstraat. Daarin woon Maria.

Vroeër was sy vol drif en drang, vol vuur en lus. Nou nie meer nie. Wat deur die loop van jare nie gedemp is nie, is deur die rumatiek ingehaal en verwoes. Al is die dae hoe mooi, moet sy in die bed in die sonkamertjie bly, net af en toe kan sy opsukkel om 'n ietsie gedaan te kry.

Maria is 'n eensame vrou.

Daar is 'n ou bediende wat eenmaal per week in die huis kom help. Daar is die dominee wat eenmaal per maand 'n gebed kom doen. Daar is Bet Wagenaar wat soms 'n skinderstorietjie indra en terloops vra hoe dit gaan; of die dominee sy besoeke gereeld aflê en of die domineesvrou haar al verwerdig het om te kom kuier.

Verder is daar die horlosie se tik, die geluide van die hoenders daar buite, die paar plantjies in die vensterbank en dan die liewe, liewe radio. Dit het haar lank geneem om die geld vir daardie radio in te samel. Maar dit was die moeite werd. Dink net aan die lekker boeremusiek wat haar terugdra jongjare toe. Daar is die gesange en psalms Sondaes, en die ernstige preke, wat sy met gevoude hande en toe oë aanluister, en wat haar altyd tot trane beweeg.

Maar veral is daar die innige stem van die jong juffrou-tjies wat elke agtermiddag plate draai vir die siekes in hospitale en elders. Veral daardie enetjie — jy kan voel dat sy regtig medelye het; dit is komplete asof sy hier by jou in die kamertjie is; asof sy die plantjies natgooi terwyl sy gesels; asof sy op die bed kom sit, jou hande neem en in jou oë kyk.

Toe het sy begin wonder of dié liewe juffrou-tjie dan nie ook eendag vir háár 'n plaat wil draai nie. Sy het gedink totdat 'n goeie plan haar bygeval het. Sy sou aan haar jonger suster, 'n huisvroutjie met vyf gesonde kinders, skrywe, en vir haar vra om 'n plaat te versoek by daardie juffrou-tjie. Dit moet 'n stemmige plaat wees en dit moet op haar verjaardag gedraai word, aankomende maand, die sesde.

So gedink, so gedaan. Na twee weke was Hermientjie se antwoord daar, so vol geselsies en vrolike kinkeltjies soos altyd, so sonnig soos Hermientjie self is en so bont en deurmekaar soos haar woelige kindertjies. Dit was alles

in die haak van die plaat. Aan die end van die brief het Maria skoon weemoedig geword toe Hermientjie sê sy dink baie aan haar, en bid vir haar; dit spyt haar dat hulle nie kan kom kuier nie, weens die skraps geldjies, veral omdat hulle weet dat sy sieklik is en baie alleen.

Eindelik het die sesde aangebreek: 'n lieflike sonnige dag soos al die vorige dae van die maand.

In die môre vroeg, met dagskemer, het sy op haar knieë voor die bed afgegely. Dit was vir haar altyd die blymoedigste uur van die dag. So vars en belowend. So nes 'n mooi voorneme, of 'n nuwe begin. Dan het sy die gladste en innigste kon bid, want, na 'n paar uur se rus en met die pyne effens bedaar, was daar in die liggaam weer vonkies van vroeër.

Vanmôre bid sy ekstra lank en innig. Dis haar verjaardag. Sy ag haarself so 'n bietjie belangriker voor God; asof sy vir vandag 'n bietjie meer aandag as gewoonlik verdien.

Maar oudergewoonte verneder sy haar voor God en laat Hom duidelik verstaan hoe onverdienstelik sy is, hoe sondig. Met opregte dankbaarheid begin sy haar voorregte uitlê: hoeveel jare God vir haar gesorg het, haar gespaar het, gevoed het; sy kan sien en hoor, as sy by haar venster-tjie uitkyk is die skepping daar, die wonderlike skepping; sy het haar huisie, die hoenders, die plantjies en die radio . . . dan dwaal haar gedagtes skielik af na die groot gebeurtenis later in die dag as daar vir háár 'n plaat gedraai sal word; as die hele land, die hele dorpie sal weet: vir Maria word 'n plaat gedraai . . . met 'n skok gewaar sy dat sy ophou bid het; ryg dan haar gedagtes skaam-skaam in die voortsetting vas met die verskonende dankbaarheid oor die feit dat Hermientjie nog so lief vir haar is dat sy selfs 'n plaat vir haar laat draai, en die Here moet tog sorg dat dit 'n stemmige plaat sal wees wat sal pas by haar ouderdom en toestand. En soos 'n naskriffie voeg sy by — nie om te kla nie, want dit mag sy nie — dat die jigpyne so lastig is, die ou vingers so krom getrek en onwillig; die Here weet die beste raad en die beste tyd. Amen.

Nou strompel sy in die huis rond om 'n drinkgoedjie en 'n stukkie ete saam te skraap. Die hoenders moet kos kry. Aan die heining sal seker 'n rankrosie vir die blompot wees. Dis mos lente. En as sy weer gaan lê, moet die voorhuis en die gang gevee wees. Wie weet of dominee nie vandag kom nie. Maar hoe sou hy ook weet. Miskien hoor hy middag die plaat en dan kom hy in die aand. Sy moet

'n nuwe kers uithaal, en die rankrosies moet voor haar bed op die tafeltjie langs die Bybel staan.

Teen tienuur is sy regtig te moeg om voort te gaan. Nou trek sy haar bed netjies reg, sukkel met moeite in die slaapklere in en gaan lê. Dan lees sy maar in die Bybel tot tyd en wyl die son so gedraai het dat hy haar bed begin vang. Daarna word dit lui-lomerig in die kamer, stilwarm, en so doesel sy soetjies weg, al dobberende tussen waak en sluimer, totdat 'n sagglyende bootjie haar roei na die ou land waar daar verligting is van pyn.

Met 'n ruk skrik sy wakker en dit val haar by dat sy dalk die versoekprogram verslaap het. Gelukkig nie. Die radio is aangeskakel, hy't stadig warm geword en die stem wat nou daar praat is nog nie die juffroutjie s'n nie.

Nou stel sy die radio net mooi hard genoeg, sy rangskik die kussings sodat sy half regop kan sit, sy vou haar hande, sy rig haarsel in om goed te kan luister, en dan voel die oomblik vir haar skielik so plegtig dat sy voel sy moet bid. Dankie dat die pyne stiller is, sê sy. Sy is onwaardig. Mag die Here Hermientjie seën wat vir haar hierdie verrassing voorberei het. Seën ook haar man en haar kindertjies. Lieflike woelwatertjies. Hou hulle gezond. Bewaar hulle van die kwaad.

Nou voel sy beter. Na 'n gebed voel sy altyd of God Sy hand op haar gelê het; of soos wanneer sy siek is en iemand het haar met lou water afgespons; of soos wanneer 'n ou kleurling behoeftig is en sy het iets gehad om aan hom weg te gee.

Eindelik is dit die juffroutjie se stem. Goeiemiddag, al die pasiënte. Maria kan nie help nie, sy móét glimlag as dié juffroutjie begin. Sy wens so sy kon haar eendag sien.

Nou laai die verwagting in Maria op. Dis so selde dat iets na haar kant toe kom. Sy is nie meer gewoond om te ontvang nie. Behalwe die ontasbare dinge, van God af.

Sal die plaat vroeg in die program kom, of laat? Of dalk glad nie? Hoe durf sy nou weer twyfel. Nee wat, Hermientjie het laat weet dis in die haak. Hermientjie doen alles wat sy doen deeglik. Aan haar kinders se klere, aan haar man s'n, aan haar eie, kan jy sien dat sy nie agtelosig is nie. As sy so aan Hermientjie dink, kom daar 'n goeie gevoel in haar hart. Dis haar enigste lewende suster. Die broers is vervreem. Vir 'n oujongnoui het hulle nie tyd nie. Sy was maar altyd te preuts om êrens in die wêreld te kom. Sy moes Ma en Pa versorg tot hulle dood toe. Ja, in hierdie einste huisie het sy hulle albei uitgelê. Maar dit

was lank nadat sy haar eie jeug ongemerk uitgelê en stil-stil weggeleê het.

Dié juffroujie se stem darem. Sy glimlag weer. Daar is iets warmes in. Dis lig, soos oë wat glinster, en dan weer donker, soos bloed. Sy vat aan die radio, voel liefderik daaraan rond, asof die juffrou daarbinne tasbaar is.

Skielik skrik sy, want die stem sê: „ . . . en 'n baie spesiale versoek vir mej. Maria de Lange van Bosburg. U suster, Hermientjie, sê sy verlang baie. Sy sê die radio is vir u van groot waarde, aangesien u so alleen is. Nou ja, liewe juffrou Maria, ons speel vir u Schumann se Dromery, ons sê hartlik geluk en ons wens u beterskap toe.”

Dié liewe juffrou. En dié liewe Hermientjie.

Die plaat begin, stemmig, strelend. Maria se hart klop nog onstuimig. Om te dink dat haar naam so ver en wyd genoem is. Miskien tot dáár by die myne in Johannesburg.

Sy vou haar kneukelrige hande en gee haar oor aan die streling. Dis vir háár. Vir haar alleen. Dit vertel van haar lewe wat verby is. Dis mymeringe. Sy is weer 'n kind in die huis. Ma en Pa is daar, die broers en die snipperige Hermientjie. Daar is gewoel en gewerskaf, lewe en beweging, gehuil en gelag.

Nou is sy weer 'n jong meisie, in die fleur van haar lewe. Vanselfsprekend dat sy dan aan Andries dink. O ja, daar was 'n man in háár lewe. Andries. Net hy. Sy het hom lief gehad, bitterlik lief, deur die jare, tot vandag toe, altyd liewer en liewer.

Sal sy daardie aand by die riviértjie ooit vergeet: die maan was tot barstens toe vol, die gras was sag. Tot laat in die nag het sy en Andries daar vertoef. Vir die eerste keer het 'n man haar omhels en gesoen, en dit weer en weer gedoen. Nou nog brand dit in haar, die onversagdigde gloed.

Hy het weggegaan myne toe. Nee, moenie dit van Andries dink nie. Moenie dinge dink wat onwaar is nie. Andries het beloof om haar te kom haal en hy het ook, al was dit jare later. Hy het baie verander terwyl hy weg was, dit sal sy toegee. Hy was growwer in sy taal en in sy maniere, en 'n bietjie onbeheers in sy liefdesbewyse. Maar sy het nie omgee nie want die jare was lank en die verlange was groot.

Hy was haastig om terug te gaan, myne toe. Die groot keuse was daar. Sy moes besluit. Liefde of plig. Want daar was Ma en Pa. Hermientjie, die jongste, was ook al uit die huis uit om te gaan werk. Vir die broers was dit 'n

ligte sakie om te sê: Dag Ma, dag Pa. Intussen het Ma bedlêend geword, en Pa 'n hulpelose pensioentrekker. Dit was nie 'n maklike besluit nie. Sy het met Ma daaroor gaan praat. Moedeloosmoeg het Ma gesê: „En óns dan, my kind? Wat van ons? En jy na die myne toe?”

Daarby het dit gebly. Andries was briesend. Hy het haar ouers beskuldig van selfsug en vir haar van onwilligheid en onredelikheid. Selfs in sy woede het sy hom bemin, brandend bemin, groot en sterk soos hy was, die regte man vir haar. In haar geestesverwarring wou sy hom belowe... as hy weer kom... sy was so bang hy sou iemand anders ontmoet.

Hy het nie veel ontsag vir haar beloftes gehad nie. 'n Mens kan te veel van 'n man verwag. Hy het nie weer van hom laat hoor nie.

Noudat die viool so hoog uitstyg en so klaend sing, nou dink sy hoe sy gehuil het, nag na nag. Sy kon nie aanvaar dat dit stil geword het tussen haar en Andries nie.

Met dieselfde gloed wat die orkes daar uitswel, het sy die groot eensaamheid ingegaan — 'n nuttelose gloed wat sy snags in haar leë kamer uitgesnik het; 'n gloed wat gehunker het na vooruitsigte, vreugde, liefde, kindertjies, maar wat nutteloos ingekerker was by twee oumense.

Eindelik het dit tog, soos daardie viool — luister net hoe hy sagter en sagter fluit, en wegsterf — nou ja, so het haar verlange ook langsamerhand bedaar...

Die einde van die musiek. O, dit was salig. Sy strek haar arms uit asof sy met die krom ou vingertjies iets of iemand wil ontvang. 'n Rukkie lank beef haar hande, afwagkend. Dan vou sy hulle weer. O, dit was salig. Dankie, juffroutjie. Dankie, Hermientjie.

Sy luister totdat die versoekprogram verby is. Dan skakel sy af. Dis skielik botstil in die huis. So stil soos al die nagte.

By haar venster uit kan sy sien hoe die son agter die verre rantjies verdwyn; die son wat dag na dag eensaam gloei, hoog en ver weg van alles af.

Netnou . . . sal dit donker wees. Dan kom die maan. Volmaan? Ja, o ja, dis die sesde September. Hy sal vol wees — die groot, eensame ou maan — en koud en stil, nes die dood.

R. J. JANSEN VAN RENSBURG:

## Druive en Asyn

DRUIWE

Vry na Alexander Pushkin

*My rose druip, dog die verlies  
sal nooit diep wonde kerf.  
Die lente het gesterf,  
maar in die dal  
het reën geval  
en met die glorie van 'n god  
hier in my wingerd uitgebot.*

*Dit klim  
en glim  
van pèrels en robyne wat  
nou vasgetros en doubenat  
en langgerek hier hang, so transparant  
soos blanke vingers aan 'n vrou se hand.*



HERFS

*Vanoggend het ons by die ou prieel  
getalm en gepeusel aan 'n tros  
toe jy gelag het dat rosyne geel  
en droog maar soeter is as jonger kos.*

*As transparante dae oor ons vou  
en windverwaaide blare slepend wieg,  
sal ons dié vreugdes dan nog ken en bieg  
dat herfs die lente van ons jare hou?*



## WINTERAAND

'n Padda-oog kry glans en gly  
tot in 'n stroom en op na my.

'n Skyfie maan spoel deur die blou,  
deur wolke waaraan sterre klou.

Wolke, maan en sterre swyg.  
Die stem van wind en water vloei  
ineen, kom koulik opgestyg.

Lente word 'n klein verdriet  
wat iewers in die winterhart  
soos sterre teen die blou verskiet.



## DAAR WAS 'N KERSIE

Daar het 'n kersie langs die bed gebrand,  
die muur se skaduwees was rooi en blou;  
daar was 'n stille uit die Donkerland  
en duisend motjies as ek reg onthou.

Daar was 'n liedjie wat ek graag wou hoor  
en stemme tussen skemering en pyn;  
daar was 'n orrel en 'n kinderkoor,  
'n goudblink maan en kelkies kersfeeswyn.

Daar was 'n kersie en 'n klok wat raas;  
daar was 'n dwergie met 'n donker mus.  
Toe is 'n asem stadig uitgeblaas  
en was die kers se vlammetjie geblus.

## AS ONS TWEE

*As ons twee deur die vygies stap  
en weemoed in die dae steek,  
sal sesuur-sonne hap vir hap  
die skemerberge kleiner breek  
en op die jaar se boonste trap  
sal ons ons op die wêreld wreek.*

*As ons twee in 'n Meituin droom  
en fluister dat die jaar verbleek,  
sal ons die herfstyd aan sy soom  
vasgryp, sy roesbont hart deurweek  
met ons verdriet en sonder skroom  
sal ons ons op die wêreld wreek.*

*As ons twee in die bruidwit sneeu  
ons dun seisoene kan versteek,  
sal ons die winter met 'n skreeu  
verskeur, sy koue liggaam breek  
en vrede vind wanneer 'n meeu  
se elegie ons hart deurweek.*

LORENZ SCHULTZ:

## Ons Kulturele Verdrae: Bron van Tevredenheid

Om die vinger op 'n teer plek te moet lê is onaangenaam, veral wanneer dit kulturele verdrae betref wat wesenlik 'n beter verstandhouding tussen die ondertekenaars daarvan beoog. Wanneer die groei van daardie verstandhouding egter te traag is en sake wat daardie groei kan bevorder verwaarloos word, word die "vingerlegging" 'n plig. Ek is die uitvoering van daardie plig verskuldig aan die talle kunstenaars en ander kultuurbewuste mense in Nederland en België wat kort na die totstandkoming van die betrokke kulturele verdrae hoë verwagtings daarvan gekoester het, maar sedertdien skepties daarteenoor gaan staan het uit teleurstelling dat hulle nie direk of indirek aktief daarby betrokke geraak het nie, en selfs nou nog niks merk van 'n "deurwerking" of "gisting" wat as tasbare en/of sigbare regverdiging van daardie verdrae kan dien nie.

My bedoeling met hierdie artikel is nie om "die mes in te steek nie," maar eerder om die lesings van 'n — noem dit atmosfeermeter — weer te gee. Die lesings is geneem gedurende 'n verblyf van meer as ses jaar in Nederland, waar ek naas my werksaamhede as radio-verslaggewer, wat my na alle uithoeke van Nederland geneem het, ook talle en gereelde voordragte uit die Afrikaanse digkuns en prosa, asook talle lesings oor Afrikaanse volksang en ernstiger musiek laat hou het in verskillende gedeeltes van Nederland en Vlaandere. Lang gesprekke met intellektualiste wie se belangstelling in Afrikaans en die Afrikaanse kultuurgoed nie soseer akademies is nie, maar tog lewendig en vurig, het my baie dikwels laat deel in hulle mismoedigheid om die ontoereikendheid van wat reeds onder die verdrae bereik is, en hulle besorgdheid om die toekoms wat baie somber uitsien vir die kulturele toenadering onder die breër laag van die bevolking, indien die huidige gang van sake sonder wysiging of aanvulling sou voortgaan.

Uit die voorgaande kan afgelei word dat die uitwisseling onder die kulturele verdrae tussen die Unie en Nederland en die Unie en België op 'n te beperkte grondslag geskied, d.w.s. slegs 'n gedeelte van die bevolking bereik, en 'n aantal belangrike aspekte of uitings van die kultuur verwaarloos. Daarby kom nog dat die betrokke kommissies

van toesig — en ek dink hier veral aan die Nederlandse en Belgiese kommissies — nagelaat het om voldoende gebruik te maak van die pers en veral die radio.

Beskou ons die kringe wat deur die uitwisseling onder die kulturele verdrag geraak word nader, dan sien ons dat die uitwisseling tot hoofsaaklik 'n handvol professore beperk is en dat in baie geringer mate studente daarin betrek word. Ander groepe wat deur die uitwisseling bereik word, bestaan hoofsaaklik uit lede van 'n kulturele organisasie wat bereid is om die “donkiewerk” vir die betrokke kommissies te verrig. Hoogstens vyf persent van diegenes wat by die hoër onderwys betrokke is — ek bedoel hiermee onderwysers aan kolleges en hoërskole — word deur die lesings bereik wat deur Afrikaanse geleerdes in Nederland gehou word. Die lesings bly grotendeels beperk tot die universiteitstede. Ander stede en groot dorpe met aansienlike getalle middelbare skole — om weer 'n voorbeeld t.o.v. die onderwys aan te haal — weet selde of ooit dat 'n Afrikaanse geleerde onder die kultuurverdrag tussen Nederland en die Unie hulle land besoek. In die gevalle waar dit wel vooraf bekend was — en dié is maar skraal — was die kans dat die Afrikaanse geleerde daar sal gaan praat, uiters gering.

Weinig van die lesings wat gehou is deur besoekende Afrikaanse geleerdes — tot dusver was hulle slegs taal-en-letterkundiges, natuurwetenskaplikes, geskiedkundiges en 'n verdwaalde ekonoom (miskien) — het ooit die Nederlandse pers, radio of beeldradio bereik. In die gevalle waar die inhoud van die lesings wel die pers gehaal het, moes na die berig gesóék word. Blykbaar het die Nederlandse koerante nie te veel waarde geheg aan wat daar aan uitwisseling onder die kulturele verdrag tussen die Unie en Nederland gebeur nie. Ook ten opsigte van die radio en die beeldradio het die Kommissie van Toesig (die Donnerkommissie) óf nie daarin geslaag om die medewerking van hierdie propagandamediums te verkry nie óf nagelaat om die moontlikhede wat dit bied (en dié bestaan warempel!) ten volle te benut.

In die enkele geval waar die inhoud van 'n voordrag deur 'n Afrikaanse geleerde wat Nederland besoek het, wel oor die radio gehoor is, of daardie geleerde self voor die beeldradio verskyn het, was dit nóg aan die ondernemingsgees en die moeite van die Donner-Kommissie nóg aan die invloed van die Kulturele Verdrag tussen Nederland en die Unie te danke.

Aangesien kultuur nie net tot taal, natuurwetenskap en geskiedenis beperk is nie, mag ons aanneem dat oorspronklik met die Kulturele Verdrag tussen die Unie en Nederland tog ook bedoel was dat uitwisseling ook op ander gebiede sou plaasvind. Niks is tot dusver nog gedoen om voor-aanstaande persone van bv. die handel en nywerheid (skeepsbou, visserywese, kamers van koophandel) hulle gedagtes te laat uiteensit én aan mense in eie kring én aan ander belangstellendes onder die breër lae van die bevolkings nie. Ook die landbou is op hierdie manier skreiend verwaarloos om nie eers van die beeldende kunste (beeldhouers en skilders), toneel (skrywers, regisseurs, spelers) en die musiek (komponiste, soliste, kore) te praat nie. 'n Uitsondering mag weliswaar voorgekom het in die genoemde lys, maar dis baie onwaarskynlik. Indien daar wel 'n uitwisseling op een van hierdie gebiede sou gewees het (en waarvan ek nie geweet het nie) sal dit weer eens binne die beperkte kring van professore en kunstenaars gebeur het. Inmiddels duur wedersydse antagonisme en agterdog jeens mekaar nog voort onder die breë lae van die twee volke.

Antagonisme? Dit was gedurende my verblyf in Nederland en gedurende veelvuldige besoeke aan Vlaandere erg genoeg om te hoor hoedat die kulturele verdrae van die Unie met Nederland en België "gekraak" word deur skilders, beeldhouers, musici, digters wat daarna verwys het as 'n mooi "schoolreisje naar Afrika op kosten van de regering" en as "... een clubje voor dure heren, wij hebben er geen barst aan." My mooiste ervaring in hierdie verband was na afloop van 'n voordragsaand in Laren (woonoord van skilders en beeldhouers, nie ver van Amsterdam af nie) waar ek Afrikaanse gedigte voorgedra het. 'n Bekende skilder in daardie omgewing het my genader en vertel dat hy baie verheug is oor die aanstelling van meester Donner as hoof van 'n kommissie wat ondersoek gaan instel in kulturele toestande in Suid-Afrika. Die apartheidsmense sou lekker op hulle baadjie kry omdat hulle die "zwarten" en hulle kulturele prestasies so misken en onderdruk, het hy gesê. Ek het die saak verduidelik en ons het toe heerlik daaroor gelag (Meester Donner, voorsitter van die Kommissie van Toesig, oor die uitvoering van die Ned.-Suid-Afr. Kult. Verdr. is ook 'n hoofregter!) Ek het 'n boek met voorbeelde van Maggie Laubscher se werk aan hom getoon en gedigte van Adam Small en S. V. Petersen aan hom voorgedra. Hy het daarna nooit weer met my oor apartheid

kom lol nie, alhoewel hy voortgegaan het om oor die toepassing daarvan met my van mening te verskil.

Wat vir Nederland ten opsigte van die Kulturele Verdrag geld, geld ook — ek voel lus om te sê tienvoudig — vir België. Waar die kloof in Nederland tussen diegenes wat belas is met die toesig op die uitvoering van die kulturele verdrag met die Unie, en die “gewone” kultuurbewuste mense hoofsaaklik op sosiale grondslag berus, speel in België die politiek ook ’n bykomende rol.

In België het eintlik net mense met die “regte gesindheid” teenoor die aan-bewind-synde regering die beste kans om na die Unie gestuur te word ter uitwisseling, of om met besoekende Afrikaanse geleerdes in aanraking te kom. Wat Vlaams-Nasionalisties is, of daarna ruik, word sorgvuldig uitgesluit. En juis onder die Vlaminge met die “verkeerde gesindheid” kom van België se knapste en vernaamste komponiste, skrywers, skilders en beeldhouers en kunsambagsmense voor.

Ongelukkig ook is die Belgies-Suid-Afrikaanse Kultuurvereniging nie so aktief as die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging van Amsterdam nie, anders sou daar meer lewe in die Belgies-Suid-Afrikaanse kultuurbrouery gewees het. Die Belgiese Vereniging lê sy grootste bedrywigheid aan die dag tydens sy jaarlikse dinee waarop daar op een stadium — nie so lank gelede nie (tydens my verblyf in Nederland nog) — meer Engels en Frans as Afrikaans gehoor is. Daar was Afrikaanse gaste aanwesig!

Dat daar gedurende die afgelope vyf jaar gereelde maandelikse voordragte van Afrikaanse poësie en prosa oor een van die Nederlandse binnelandse senders uitgesaai is, is nie aan die Kulturele Verdrag of enige van sy kommissies te danke nie.

Dat ’n diskoteek met heelwat opnames van ligte en ernstige werk van Suid-Afrikaanse komponiste in sowel die binnelandse as die internasionale uitsaaistases in Nederland tot stand gekom het, is nog minder aan die verdrag of sy kommissies te danke.

Wat op die gebied van die Afrikaanse volkslied en volkspele in Nederland en België geprester is — myns insiens die suksesvolste kwekers van welwillendheid vir die Unie en van groter draagwydte as enigiets anders totnogtoe — is geprester met min (indien enige) hulp van die kant van die Suid-Afrikaanse Nederlandse en Belgiese Kommissies van Toesig op die uitvoering van die

Kulturele verdrae (tensy dit ten opsigte van lang toesprake was).

Ondanks die kulturele verdrae tussen die Unie en Nederland en die Unie en België is 'n Afrikaanse koerant op 'n Nederlandse of Belgiese universiteit skaarser as wors in 'n hondestal. Dan moet ook maar liever geswyg word oor naslaanwerke oor Suid-Afrikaanse beeldende kunstenaars en hulle werk, komponiste en hulle werk, ens.

Ondanks die regte gesindheid van die Belgiese Kommissie van Toesig, en die bepalinge van die verdrag, sal ver en lank gesoek moet word in Belgiese universiteite na *Afrikaanse* handboeke en naslaanwerke oor die geskiedenis van Suid-Afrika.

Ondanks die Verdrag en sy Kommissies bestaan én in Nederland én in België by groot gedeeltes van die massa nog die indruk dat die enigste amptelike taal van Suid-Afrika Engels is, en dat Afrikaans slegs deur 'n minderheid van die bevolking gepraat word. Gesprekke met aspirant-emigrante wat vir die eerste keer kom navraag doen, behoort my bewering te staaf. Ek laat die Walloonse gedeelte van België buite beskouing, aangesien hulle na soveel jare se verblyf saam met Vlaminge in een en dieselfde land nog nie weet van die bestaan van 'n Nederlandse taal nie — of in elk geval voorgee dat hulle nie van die bestaan daarvan weet nie.

Solank as wat *Afrikaanse* kulturele attaché's in Brussel en Den Haag ontbreek sal die Unie se kulturele verdrae met België en Nederland 'n klug bly. En solank as wat die Dietse gedeelte in België ontstoke bly van die voorregte wat die Kulturele Verdrag met die Unie bied solank sleep ons lyke die Afrikaner se kultuurwoning binne.

Waar die taalfeeste oor enkele maande gehou sal word, en reeds aangekondig is dat Nederland en Vlaandere daarin betrek sal word, en waar daar reeds soveel negatiefs gesê is oor die kulturele betrekkings met die betrokke taalgebiede, wil ek ten slotte enkele voorstelle doen in verband met maniere waarop die verspreiding van die Afrikaanse boek in Nederland en Vlaandere bevorder kan word. Ek wil nie voorgee dat dit die alleen-saligmakende oplossings sal bied vir die huidige verstarring nie, maar dit behoort tog in enkele gevalle te help om die slapendes wakker te skud. Ek stel voor dat die volgende middels ondersoek en beproef word:

(1) Voorsien die ambassades in Den Haag en Brussel met 'n voorraad Afrikaanse boeke wat ons beste poësie en

prosa insluit. Die samestelling moet so wees dat 'n klein en tog verteenwoordigende tentoonstelling binne kort kennisgewing saamgestel kan word. Foto's van die betrokke skrywers en digters, asook enkele boeke met afbeeldings van werk en kort biografieë van Suid-Afrikaanse beeldende kunstenaars behoort die tentoonstelling aan te vul. Waar moontlik moet uit die tentoongestelde werk voorgedra word. Dit moet vir die lede van ons ambassade pynlik wees om uitnodigings te ontvang om lesings oor Afrikaanse poësie te kom hou, en dit dan van die hand te moet wys vanweë gebrek aan digbundels. Nie alle personeellede van ons ambassades is voordragkunstenaars nie. Daarom rede te meer dat die ambassade oor 'n altyd gereedstaande tentoonstelling moet beskik wat op kort kennisgewing op reis gestuur kan word. Die boeke sal "hulle eie praatwerk" doen.

(2) Die bestaan van 'n verspreidingsentrum vir Afrikaanse boeke by die uitgewersmaatskappy Van Stockum in Den Haag is iets wat van harte verwelkom moet word. Daar moet egter nie verwag word dat hierdie onderneming onmiddellik groot winste sal afwerp nie, want die Nederlandse boekhandelaars sal — gesteun deur 'n eie organisasie en 'n sterk stigting vir die propagering van die Nederlandse boek — hulle vanselfsprekend meer oor die Nederlandse as die Afrikaanse boek bekommer. 'n Reisende tentoonstelling van Afrikaanse boeke, vergesel deur 'n voordragkunstenaar behoort 'n groot en doeltreffende stoot aan die verspreiding van die Afrikaanse boek te gee.

(3) Ten einde Nederlandse uitgewers daarvan te oortuig dat die Nederlandse boek nie moedswillig afgeskeep word in die Unie nie, is dit miskien wenslik om 'n afvaardiging vir 'n besoek na die Unie uit te nooi om self van toestande hier te kom kennis neem. Die afvaardiging moet ook iemand van die boekhandelaarsvereniging insluit. Indien na so 'n besoek gekom kan word tot 'n Afrikaans-Nederlandse boekskema, ondersteun en beheer deur 'n stigting of organisasie waarin sowel Afrikaanse as Nederlandse (ook Vlaamse) uitgewers en boekhandelaars sitting het, behoort dit 'n groot stap vorentoe na 'n werklike lewendige uitwisseling van Afrikaanse en Nederlandse (ook Vlaamse) boeke, en tot 'n beter onderlinge verstandhouding te voer. Begryp moet word dat dit 'n onderneming is wat nie onmiddellik vrugte sal afwerp nie. In hierdie geval *moet* ons eenvoudig aan toekomstige geslagte dink. Die Nederlandse taalgebiede in Europa het ons net so nodig as ons



vir hulle. In 'n Europa wat besig is om te integreer op allerlei moontlike gebiede, kom nie net die Nederlandse taal in die gedrang nie, maar ook die Afrikaanse taal. Laat ons veral hierdie ontwikkeling in gedagte hou by die bepaling van 'n toekomstige beleid vir Afrikaans, beter gesê, toekomstige beleid vir die verbreiding van Afrikaans.

(4) Waar daar soveel gekla word dat ons van Nederlands vervreem het, dat ons in die Unie nie die agtergronde van Nederlandse boeke — prosa en poësie — begryp nie en nog talle ander ekskuse, moet die uitwisseling van „voetreisigers” ernstig oorweeg word. Met voetreisigers word hier bedoel belowende jong skrywers en digters wat in die geleentheid gestel moet word om Nederland en Vlaandere te besoek — en omgekeerd, Nederlanders en Vlaminge wat die Unie moet besoek. Hulle sal op die eenvoudigste en goedkoopste manier moet reis oor 'n roete wat vooraf vir hulle uitgewerk is, maar waaraan hulle nie stiptelik hoef te hou nie. Die reis moet binne 'n vooraf bepaalde tydperk voltooi wees. Hulle moet slegs voldoende sakgeld kry om in die noodsaaklikste behoeftes te voorsien. Verdere geld kan verdien word deur lesings en voordragte wat hulle gee. Die voordragte kan deur 'n kultuurvereniging gereël word en onder beskerming van die kulturele verdrag staan. Op hierdie manier behoort nie net groter bekendheid aan die Afrikaanse letterkunde (omgekeerd Nederlands en Vlaamse letterkunde) gegee te word nie, en word nie net plekke bereik wat andersins nooit deur besoekende geleerdes bereik word nie, maar word ook vriendskapsbande vir die Unie gekweek onder die “massa.” My ervaring was nog altyd dat wanneer die apartheidsbeleid ter sprake kom, en ek op tasbare manier — deur voordrag uit ons poësie, deur afbeeldings van skilderye ens. — wys op 'n gemeenskaplike Westerse kultuurbesit, die apartheid en die politiek baie gou op die agtergrond verdring geraak het. Ek voel oortuig daarvan dat dit nie nodig sal wees om die eis aan jou voetreisiger te stel dat die resultaat van sy reis 'n boek of 'n reeks gedigte of essays moet wees nie. Dit behoort vanself te kom. (Ook op die gebied van die beeldende kunste kan hierdie stelsel toegepas word).

(5) Gepoog moet word om gedurende die jaarlikse groot boekfeeste in Nederland en Vlaandere ook Afrikaanse boeke te laat uitstal in die winkelvesters. Saam met die Nederlandse boek wat as prys geskenk word aan 'n persoon wat boeke ter waarde van 'n sekere bedrag koop, moet by wyse van proefneming ook 'n Afrikaanse boek as geskenk

aangebied word. Wanneer 'n boekfees (te) in die Unie gehou word, kan die omgekeerde plaasvind. Op hierdie basis sal die Stigting vir die bevordering van die belange van die Nederlandse Boek in Amsterdam, sekerlik vir samewerking te vinde wees.

(6) Culemborg het alreeds 'n soort van Mekka vir die Afrikaner geword wanneer hy die vasteland van Europa besoek. Ook die Nederlanders is baie bewus van die betekenis van hierdie skakel in ons volksverlede. Waarom dan nie jaarliks daar op 6 April — of die naweek die naaste daaraan — 'n studenteparlement hou nie waaraan Afrikaanse studente in Nederland, Nederlanders en Vlaminge kan deelneem? Daar is voldoende Afrikaanse studente in Nederland wat taal- of letterkunde bestudeer en voldoende Nederlanders en Vlaminge wat naas hulle eie letterkundige studies ook 'n warm belangstelling vir Afrikaans het. 'n Onderwerp vir debat kan bv. wees: "Die toekoms van Nederlands in 'n integreerende Wes-Europa, en hoe dit Afrikaans raak," of "Die toekoms van Afrikaans en Nederlands op die Vasteland van Afrika." Die debatte moet openbaar wees. Die tweede gedeelte van die program (op Sondag) kan gewy word aan voordrag of aan 'n konsert van kort werke van Afrikaanse Nederlandse en Vlaamse komponiste, of voordrag uit die werk van Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse skrywers en digters. Die woning van Jan van Riebeeck in Culemborg wat feitlik 'n ruïne was en tans weer herstel word — O, skande! met weinig of geen geldelike hulp uit die Unie! — kan as ideale tentoonstellingslokaal dien. Op hierdie manier kan mettertyd vir ons 'n kultuursentrum in die vreemde opgebou word.

(7) Laat 'n Nederlandse joernalis vir 'n jaar of twee aan 'n Afrikaanse dagblad of weekblad kom werk. Laat hom aanvanklik sy berigte in Nederlands skryf met die verstandhouding dat hy mettertyd na Afrikaans moet oorslaan. Die omgekeerde kan in die geval van 'n Afrikaanse joernalis gebeur in Nederland en in Vlaandere.

(8) In Hilversum, Nederland, werk reeds Afrikaanse omroepers wat Afrikaanse uitsendings van die Wêreldomroep na Suid-Afrika versorg. Die S.A.U.K. verleen alle hulp wanneer hierdie mense in diens geneem word, en staan selfs van sy eie mense af. 'n Voorstel is sowat 'n jaar gelede deur die S.A.U.K. gedoen dat Nederlanders — omroepers, regisseurs en tegnisi — ook vir 'n tydperk van twee jaar, soos dit met die Afrikaners in Nederland die geval is, hierheen gestuur moet word. Die saak geniet nou al ruim

'n jaar lank die aandag van die Onderwysowerhede en die Donner-kommissie. Niks het nog gebeur nie. Waarom?

Ek moet daarop wys dat hierdie laaste gedagte al breedvoerig met die burgemeester van Culemborg bespreek is, en dat hy geesdriftig daarvoor is. Ook sy raad voel sterk ten gunste daarvan. Die publiek van Culemborg sal — na ek verneem en in die verlede reeds gemerk het — graag onderdak aan die besoekende studente verleen, sodat die koste van so 'n besoek vir die studente reeds sterk vermindert sal wees. Ook die Afrikaanse studenteverenigings in Nederland, en die Nederlandse studenteverenigings en, sover ek weet, ook die Vlaamse studenteverenigings dra kennis van hierdie plan. Slegs omstandighede buite ons beheer het verhoed dat dit in April 1958 vir die eerste keer ten uitvoer gebring is.

Ten slotte, die voorstelle wat hier aan die hand gedoen is, berus nie op slegs fantasie nie. Ek het reeds breedvoerige besprekings daarvoor gevoer met vooraanstaande persone en kulturele organisasies en verenigings, en gevind dat hulle nie ongenêë daarteenoor staan nie. Met 'n bietjie goeie wil van albei kante, 'n bietjie meer geduld en die aktiewer ondersteuning van die kommissies wat toesig hou oor die uitvoering van die kulturele verdrae is hierdie dinge, en veel meer, moontlik. Allereers sal die kommissies egter verder as hulle eie ledetal moet kyk waar dit op uitwisseling aankom en sy bedrywighede tot 'n wyer veld moet laat deurwerk. Tweedens sal die betrokke onderwysdepartemente meer geld vir hierdie doel beskikbaar moet stel en natuurlik strenger toesig moet hou dat daar nie 'n hele mud koring in een groentebedding gesaai word soos tans die geval is nie.

Die antagonisme wat vandag tussen Afrikaners en Nederlandse immigrante in die Unie heers, is grotendeels te wyte aan 'n gebrek aan kennis en begrip van mekaar se mees elementêre kultuurgoed. Die regte gesindheid moet en kan by die Nederlandse immigrant gekweek word reeds voordat hy sy land verlaat om na die Unie te kom. Goeie begrip van ons kant van sy kultuurgoed en van sy agtergrond, beteken nie net 'n verryking vir ons nie, maar ook dat hy in 'n vrugbare Afrikaanse kultuurbedding te lande kom in plaas van op 'n Engelse ashoop.

Die Unie se kulturele verdrae met Nederland en België is in wese en beginsel geen slegte belegging nie, dis alleen die administrasie wat 'n bietjie verbeeldingryker en ondernemingslustiger moet wees.

E. J. MOCKE:

## Immanuel

*God met ons — is ons met God?  
Of bly ons net opstandelinge vry  
wat wil ontleed en aan Sy Heerskappy  
nog twyfel trek en Sy Gebod  
betwis en aan te neem  
filosofie wat ons van Hom vervreem.  
Hy bly die onbegryplike, die Wil  
waaruit ons menswees voortgespruit het hier.  
Hy is die Christus die Immanuel  
die middelaar deur God se mens gestuur.*

PIROW BEKKER:

## Goudveldse Reënroeper

*Jy klim  
teen skewe skagte van die son  
die hoogte van 'n mynstellasië op,  
waar jy die vreugde van 'n kersaandvuurpyl word,  
en die fyn sirene  
in die beseerde mynwerker se kop.*

*Jy klepper telkens van 'n ander punt —  
die vlakvoël en die broeipatrys  
hou jou beangstig dop,  
die bruin Jap-Japie sit gespanne op die draad  
en die katlagter swyg  
en vou sy waaier toe.  
Die groot korhaan spied uit die gras,  
bakkop dom, mik-mik agter 'n wysie aan . . .*

*En as vuil wolke hulle helder druppels stort  
of soms blink haelstene voor jou spring,  
die gerwe rooigras knak en breek  
en wye sirkels in die holtes spoel —  
is jou gebed verhoor.*

*Maar dit was anderdag. Nou dreun die mynmasjiene hier,  
en mense roep en vloek uit 'n verborge vrees;  
jy en die koester en die vleikalkoen  
het lankal reeds die land verlaat,  
net die klein Jap-Japie het  
in 'n ou stroopblik met geroeste tong  
sy nes gemaak.*

LORENTZ SCHULTZ:

## Drie Gebede

### I

*Heer, die tyd het weer gekom  
van sterwe vir die groot gousblom.  
Die wolke met hul somber vragte  
gly onmerkbaar-langsaam van hul oewers los.*

*Aan die heuwelhange swel die druiwetros.  
Skenk hom nog net drie warm nagte,  
sodat hy soet word soos 'n moeder-bors.  
Heer Jesus, ek het dors.*

### II

*Heer, ek het geen huis —  
sal nooit ook een kan bou —  
en moet nog heel lank eensaam bly.  
Teken slegs nou 'n dak oor my,  
of ek moet doelloos heen en weer —  
'n droë blaar — voor die blou  
wind deur die kaler lanings skeer.  
Heer, teken oor my . . . U kruis.*

### III

*Soms sien ek U voete, Jesus, weer  
ongeskonde, soos toe U nog 'n jong seun was,  
en hul gehuppel het in jong, groen gras —  
hoe bly het hul toe my hare omgekrap, o, Heer!  
Nou lyk hul steeds minder soos voete, meer  
soos kleinwild — opgejaag in 'n doringbos —  
Heer Jesus, maak U voete uit my hare los!*

# By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk gepubliseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen ons gewone tarief.—Redakteur.)



## EKSPERIMENTE

JACQUES VAN DEN BERG:

### Onmag

*Deur die laaste eelt  
van my eerste beeld  
dring teen die warmte van sy volheid  
koue klip.  
My werktuig aan die aarde vasgesmyt  
en die heerlike bloed  
wat reeds klam geroet  
aan my skrandere vingers uitsweet-stol.  
Die vrou  
spot uit haar manoeë in 'n donker kol  
waar my hand  
gegly — oor die rant  
van vrou:  
die magtelose daad; 'n hand wat wou —  
maar skielik weet  
die weet wat méét  
die keerbloed na die hart is blou.*

## Die Liefde is Dierlik

*'n Hele sekonde lank-lank  
het ek jou gesien gelede  
en lank verlang, en drank  
    van liefde haastig weggesuip  
    soos 'n bees in die looikuij  
    sag en leeg die dae dink.*

*Soek op die soetste veld  
die dool en tongklem gras  
heel uitgeruk, miedkolom  
    blind aangestaar die rond  
    mooi kronologiese gebond  
    geluk wat vir my bedoel.*

*Maar ek het kopsku rug  
en modder glijgly vasgestop  
en my harte was terug  
    van heerlik klop soos toe  
    my moeder voor die ploeg  
    my vryheid staar beny.*



# Boekbesprekings

J. S. Rabie: ONS DIE AFGOD.  
A. A. Balkema, Kaapstad, 1958.  
Prys 15/-

Van hierdie soort romans word daar nie baie geskryf in Afrikaans nie. Dis 'n verhaal van verliefde jongmense wat stry om die behoud van hulle liefde in 'n liefdelose omgewing. Eintlik is dit die verhaal van menslike verhoudings in 'n veelrassige samelewing waar kleurverskil die grondslag vorm van maatskaplike vooroordeel — die verhaal speel af in die Boland, in ons tyd.

'n Skrywer wat hierdie soort stof aandurf het bowe-al kennis nodig van één mens: homself. Hy moet hom met hom self kan konfronteer en sy eie reaksies kan peil tot in die moer van sy bestaan om vandaar af uit te beeld wat hom pla.

Die verhaal van die liefde van jongmense bied niks nuuts in situasie en diepte van beelding nie. Om billik te wees moet mens geredelik erken dat dit nie die swaartepunt van die roman is, of bedoel was om te wees nie. Die swaartepunt moet wees die wisselwerking vanuit 'n liefdelose omgewing op 'n ontwakende liefde. Saak is dan dat die liefdeloosheid van die omgewing tot op die been opgevelek moet word sodat die verliefde(s) se reaksie vir ons aangrypende werklikheid word, waardeur ons dan kan verstaan d.w.s. emosioneel verstaan, hoe die verliefdes as enkelinge reageer en as paar mekaar aantrek of afstoot en hoe hulle as enkelinge en as paar in wisselwerking tree met die liefdelose omgewing.

Enkele van die situasies het hierdie waarde: waar die man sy verloofde, wat kan swem, aan haar self oorlaat in die branders om 'n kleurling, wat nie kan swem nie, te red; waar die man hom vereenselwig met die kleurlingarbeiders; waar die man die kleurling se vernielde motorbande eiehandig vervang. Hierdie soort insident is egter te skaars,

en daarby word dit te seer van buite af ontleed, sonder dat ons die siel van die mens in die woord kry.

M.a.w. daar is 'n soort magteloosheid teenoor die stof, 'n soort bevangenis, waardeur ons genoop voel om die gebrek te soek in die skrywer se onvermoë om hom te konfronteer met hom self. Daardeur word die grootste gedeelte van wat hier aangebied word weinig meer as die soort ongare emosionalisme wat ons as propaganda op ons brood en botter kry by allerlei geleentheid: die verskil — dit staan nou ook in Afrikaans. Dat dit so uitgeval het is baie jammer, want ons het in Afrikaans op hierdie tydstip 'n groot behoefte aan dooederlike boeke oor hierdie onderwerp wat gryp tot in die siel.

Die kern, ontbloot, kan laat sien wat ons bedoel. Frans is verlief op Hermien, broer van Willem, wat getroud is met Deborah. Willem en die kleurling Jan het saam groot geword; Jan keer terug na die omgewing en wil 'n stukkie grond koop, 'n stukkie van sy geboortegrond. Willem se ouers en sy omgewing is christene — laat ons dan maar sê: klipchristene — en hulle is die liefdelose bestanddeel. Frans is die „idealistiese” liberalis; Willem en Hermien is so te sê draadsitters. Jan is verteenwoordiger van die groot groep besitloos in die Boland wat daarby nog belas is met 'n ander gelaatskleur. Aan die einde van die verhaal staan dit só: Jan vermoor nie een van die gevoellooses uit die omgewing nie — nie vir Willem se vader of vir Deborah of vir die predikant nie — nee, vir Willem, die persoon wat ernstig met die probleem worstel en wat met simpatie vervul is teenoor die speelmaat van sy jeug. Willem is dood en Jan sal seker ook moet sterf. Frans en sy geliefde vertrek uit die omgewing. Die liefdelose gemeenskap het getriomfeer en die gehate indringers (die idealiste

en die besitloses) is „op hulle plekke gesit”.

As letterkunde faal dit omdat dit nie uitstyg tot die bomenslike wat verruiming, verademing en suiwering moet bring nie, en as propaganda mis dit die suggestie. Daardeur is dit 'n boek wat ons nie bly pla nadat ons dit gelees het nie.

Sonder letterkundige verdienste is dit egter nie. Soos reeds aangedui, is daar sommige insidente wat spannend in hulle dramatiese botsing weergegee is. Die verdienstelikste is egter die beeldryke taal wat ons dwarsdeur die boek aantref.

Mens wonder net: Is Rabie nie in sy aanleg en wese eintlik 'n dramatikus nie?

Leon Rousseau: MARCO POLO VAN VENESIË. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, 1958. Prys: 12/6.

Marco Polo se reis na die Ooste in die dertiende eeu staan in ons geskiedenisboeke vermeld as 'n belangrike gebeurtenis in die ontwikkeling van die Weste. Maar vir die meeste van ons, ook vir die skrywer hiervan, bly dit ons hele lewe lank 'n onpersoonlike feit, iets wat doer ver plaasgevind het en wat verrig is deur 'n man wat ons volkome koud laat. Die gebeurtenis bly belangrik net omdat die geskiedskrywer ons verseker dat dit belangrik is.

Vir Afrikaanse lesers is hierdie hele geskiedenis verwerk in 'n sprankelende verhaal vol spanning en menslikheid, wat ons opnuut laat beseef dat die lewe self heel dikwels vreemder dinge oplewer as die wildste verbeeldingsvlugte van 'n skrywer.

Dis nie 'n vertaling nie, maar 'n herskepping en 'n herbeleving van die ou feite. Dis 'n geslaagde stuk werk en dit behoort gelees te word deur elke lid van ons gesinne.

H. J. Vermaas: DIE YSTERKLIP. Dagbreek-Boekhandel, Johannesburg, 1958. Prys 12/6.

Vermaas vertel hier oor die manwording van 'n penkop. Dis die afloop van die neëntiende eeu.

Willie Schoeman het in die Bo-Vrystaat 'n plaas geërf en op baie jong leeftyd laat sy vader die verantwoordelikheid van die bestuur oor aan die onvolwasse penkop.

Toe breek die Engelse oorlog uit, en Willie sluit aan by die burgermagte as vrywilliger omdat sy vader te oud is vir krygsdiens.

Só beland hy in die slag van Magersfontein, mens alleen, sonder die beskermende hand van 'n bloedverwant, vriend of kennis. Tydens die voorbereidings vir die slag kry ons om die beurt besonderhede oor die Boerekamp, waarby Willie betrokke is, afgewissel met Willie se mymeringe oor sy plaasbestaan. Sodoende sien ons gaandeweg hoe 'n penkop lewensryper word, om in die slag van Magersfontein — waar hy ernstig gewond word — volwassenheid te bereik.

Die verhaal is treffend sober vertel en die egtheid daarvan is oortuigend.

Henriette Grové: DIE GOEIE JAAR. Nasionale Boekhandel. Kaapstad, 1958. Prys: 7/6.

Hoe dat 'n man sy einde bereik as gevolg van sy gewetenswroeging omdat hy in die verlede 'n onskuldige laat boet het vir sy eie hoogverraad, is die grondslag van hierdie drama wat vertel van smokkelary op die grens tussen die Vrystaat en Basoetoland aan die einde van die vorige eeu.

Uitwendig is die botsing tussen die man, wat wil bieg en sodoende sy gewete verlos, en sy vrou wat die geheim wil bewaar vir die onthalwe van haar kinders.

Die drama bied eintlik net die slottoneel aan van 'n lang lydingsgeskiedenis, en dit is miskien die rede waarom daar 'n gebrek is aan botsende handeling wat gaandeweg styg tot die klimaks en die ontknoping.

Die konsepsie bied nogal heel veel moontlikhede gesien vanuit die standpunt van die skeppende kunstenaar. In wese sou ek egter sê dat ons hier te doen het met stof vir 'n roman met diepgang

en nie vir 'n drama nie. Vandaar dat die opvoering van die stuk verlede jaar mens in menige opsig emosioneel so onbevredigend gelaat het.

#### DIE AFRIKAANSE WOORDEBOEK, Deel III. Staatsdrukker, Pretoria, 1957.

In 1950 het deel I van die langverwagte Afrikaanse Woordeboek verskyn, in 1955 deel II, en in 1957 deel III, terwyl die volgende deel sowat gereed is. Dit alles getuig van die werkdryf van dr. P. C. Schoonees, die hoofredakteur, en sy personeel. Intussen is Mattheus Fransois Toerien, wat sewentien jaar lank aan die redaksie verbonde was, oorlede; sy aandeel aan die werk word in die voorwoord in herinnering geroep.

Die woordeversameling het na 1950 teen versnelde pas plaasgevind en die aantal woordkaartjies bedra in 1957 reeds 650,000, terwyl 36 vrywillige medewerkers na 1954 elk meer as 35 kaartjies tot die versameling bygedra het.

Deel III bevat slegs woorde met G as beginletter. In hierdie deel kry ons veral te doen met Afrikaanse woorde van Bantoe, Boesman, Hottentotse en 'n hele aantal van Engelse oorsprong, en veral die woorde wat met gh- begin laat sien hoe belangrik veel ons uit die Suid-Afrikaanse inboorlingtale geleen het in die verskillende geweste van ons spraakgebied. Trouens, 'n taalkundige verantwoording van hierdie groepie woorde alleen al (bl. 237 — 251 — 3 kolomme per bl.) kan uitloop op 'n omvangryke studie as ons lig wil werp op die ontleningsomstandighede, betekeniswysiging en ontwikkeling, en die nodige klankaanpassings.

Dit val mens op dat sommige van hierdie klankaanpassings alreeds sover deur gevoer is, dat jy dikwels nie meer vermoed dat jy met 'n ontleende woord in Afrikaans te doen het nie. So het dit my jare lank gepla dat Joe-hem van Bruggen in een van sy vroeër werke iemand beskryf het

as 'n *gawere man*; die vorm wou ek herlei tot *gaaf-gaveer*, maar dan was *gawere* on-Afrikaans en sodoende was mens geneig om Van Bruggen se „Hollandse” afkoms by te haal. Die oplossing is egter moontlik eerder te soek by die uit Hottentots ontleende woord *ghawwerig* — uithalerig, spoggerig windmakerig (bl. 241/1).

Hoe bont die taalbeeld hier is, besef jy as jy ontdek dat hierdie groep woorde ook leenwoorde uit Engels herberg, bv. *ghielie* — handlanger van 'n hengelaar, en *ghielientjies* — klein vissie.

Terloops: die vorm *Gharies* waarna verwys word by *garies* (bl. 28/111), word nie in sy alfabetiese volgorde vermeld en bespreek nie.

'n Enkele keer is 'n verklaring nie heeltemal volledig nie. Bv. *Gatskuur* as 'n plat benaming in Namakwaland (meestal onder kleurlinge) vir handmaalstene, begryp mens maar half as nie ook vermeld word dat die besondere maalsteen waarna verwys word eintlik die *skuivergatmeul* is, dus genoem weens die feit dat in die boonste, bewegende steen 'n skuivergat is waardeur die graan ingegooi word wat gemaal moet word; hiervan het die blanke inwoners van die gebied (Upington, Kakamas en omgewing) spottend *gatskuivermeul* gemaak, omdat die maler dan so ongemaklik moet rondskuif! Eintlik is dit dan *skuivergat* wat skuilgaan agter *gatskuur*, en by die verklaring moes na skuivergatmeul verwys gawees het.

Laasgenoemde geval laat egter sien dat die redaksie van die woordeboek slegs kan ploei met die kalwers wat hy het? 'n Mate van volledigheid — ook in die verklarings — kan slegs bereik word indien meer vrywillige medewerkers oor die hele land voortdurend en aanhoudend woordmateriaal opteken en aan die woordeboekkantoor stuur.

So gaandeweg word 'n gedugte hoeveelheid taalstof tot beskikking gestel van die belangstellende soeker, en dit is reeds

duidelik dat die Afrikaanse taal oor 'n verbasingwekkende skat woordmateriaal beskik, wat 'n mens eintlik daarna laat verlang dat die dag spoedig moet aanbreek waarop die laaste deel van die eerste druk die lig sien.

By die besef dat die pad na voltooiing van die eerste skof nog lank is, moet mens egter die redaksie gelukwens met wat reeds bereik is.

**TEENSTELLINGS IN DIE TAAL** deur ABEL J. COETZEE. Nasionale Boekhandel, Kaapstad 1958. Prys : 15/-

Die treffendste kenmerk van hierdie werk is sy oorspronklikheid. Die meeste stukke is gebaseer op intensiewe navorsing en die resultate is gewoonlik verbasend, soos in die studie van die woorde *springmielies* & *kiepiemielies*, van die woord *eenpaaiërig* en van die begrip: *skuivergat*.

Insiggewend is die langer studies oor onderwerpe soos: Taalgemeenskap en enkeling en die wisselwerking wat 'n lewewende invloed op die taal uitoeven, die stuk oor die Afrikaanse en Engelse geografiese „kolle” in ons land, en die kykie agter die sluier voor die dialektiese herkoms van Afrikaans.

Prof. Coetzee is nooit dogmaties en gee nooit opinies in die plek van feite nie, en dit verhoog die wetenskaplike waarde van hierdie taalstudies. Maar veral is hierdie bundel 'n inspirasie, want 'n mens kom terdeë onder die besef van die geweldige moontlikhede en die groot veld wat nog vir die Afrikaanse taalvorsers wag om te verken.

Die kaarte wat in die Buro vir Taal- en Volkskundige Navorsing aan die Universiteit van die Witwatersrand gemaak en voorberei is, wêre 'n mens se hoogste waardering, veral as 'n mens besef dat Prof. Coetzee feitlik alleen die Buro is. Hoeveel ure se moeisame werk lê nie agter hierdie vrugbare geskrifte nie.

Die gedagte kom by 'n mens op dat so 'n navorsing eintlik deur die staat ondersteun be-

hoort te word, want dit is duidelik dat ons grammatikaboeke geen een persent van ons taal vir ons beskryf nie en die uur is laat, want veel wat nog bestaan spoel die dongas in. Ons paar taalgeograwe is nie in staat om die hele gebied te verken soos dit hoort nie. Soos die Woordeboekkantoor woorde versamel, behoort 'n staatsburo taalkundige materiaal in te samel. **EN DIE UUR IS LAAT.**

**HUPPELKIND.** Deel 1 en 2, deur W. O. KUHNE, Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad 1958.

Daar is weinig Afrikaanse kindersprokies in boekvorm wat ook van literêre waarde is; gewoonlik is die kinderfantasia daarin nie net elasties nie, maar verrek. Kuhne het nie alleen die verhaal sekuur beplan nie, maar ook die vorm van die kindersprokie behou in hierdie werkies van hom.

Die groot druk, die element van herhaling en die prikkeling van die belangstelling deur middel van verskillende geheimsinnige en ongewone gestaltes, en ook die mooi, nie-oordrewe illustrasies verhoog die waarde van hierdie boekies tot iets meer as net die gewone „kinderverhaal.”

**NEERSLAG** deur ELIZABETH EYBERS. Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad 1958.

Dit is die poësie van 'n digteres wat met die vorm enige toer kan uithaal, en met die woord fyn en sekuur kan meet en pas. Die styl is hier nie die Dertiger styl van die eerste paar bundels van hierdie digteres nie, dog die tradisie van die kunsuiting is dieselfde: moeder en kind, die trietsige gestalte (Job, Middeljarige, In die Kerk, Ongeluk in Fordsburg), man en vrou, beelde uit die verlede e.s.m., maar verdwyn het die natuurgedigte en die klein vreugdes van impressies.

Interessant is die woordkuns en semantiese nostalgie van ERFSTUK wat 'n beeld gee van die digteres se verfynde tegniek en haar verbluffende vermoë om die woord en vers te laai en te

vul met iets meer as net sy semantiese integrasie in 'n sinsnede; daar kom iets by uit die verlede soos 'n geur of 'n indruk of 'n sintuiglike waarneming, en die werklikheid word byna pynlik opgetower: klanke wat glaa of kantig op die tong getintel het, waarvan die smaak vergaan — lampolie, klepel, kraffie, lampetkom, serfyn, aluinsteen, lampetlewertraan . . . die kronkel van my oorkanaal was vol sagtardende sillabes wat kon toor dat dertig jaar smelt tot 'n kaiingkol; (Kyk daardie laaste beeld — iewers praat C. Day Lewis van: „the living image” en Vestdijk praat van „De poësie een kiemcel — een ‚glanzende’ kiemcel — de poësie het stadium van eeuwig jeugd in de ontwikkeling van die menselijke geest, — een jeugd zo eeuwig, dat zij op paradoxale wijze de ouderdom mede omvat en in zich opneemt.”) So lyk poësie. Ook en baie ander plekke, maar geheel anders as voorheen. Vandag bv. „Die mensdier” waar dit voorheen met meer idealisme gesien is, dink bv. aan die beroemde *Maria* en tog amper in *Tersiene*, maar daar is die plesier van die woordklanke miskien sterker as die van die menslike tema.

Het ouer word dan tog sy verbitering gebring? *Krabbel* dui op die ivoortoring wat tog nog 'n skuilhoek bly:

Slegs een, van wie die blik vergly uit die gesprek, bedek die vonk van drome en verdriet — nie jonk, maar driftig, ouderdomloos, bly.

Hierdie kunstenaarsverheerliking is natuurlik ook Dertigersimptoom.

En dan is daar in hierdie bundel die worsteling met die werklikheid, met die uitbeelding van die volle verskynsel en die sin agter sy bestaan: *Seun in die Son*, *Ongeluk in Fordsburg*, *Tuis* onder meer. En daar is effens iets wat pyn gee aan so 'n werklikheid, soos in *Familiegroep*, waarin dit uitvonk in die woord *dreuning*; ook in *Vertrek*, waarin die woorde *krimp* en *sout van tran*e die gevoel aangee wat al-

tyd bibber net onderkant elke situasie of ding of gedagte.

Hierdie uitinge is gestroop van alle tooisel; wat oorbodig kon gewees het, is laat vaar, net die kern van alle voel en dink wat in hierdie poësie gegiet is, is weergegee, dus dra die styl 'n nuwe kernagtigheid en trefkrag — 'n rigting wat in 'n mate in *Die Helder Haljaar* reeds aangedui is.

SMIT, Soul Erasmus DIE HALWE GOD. Dagbreek Boekhandel, Johannesburg. 1958.

Hierdie bundel bestaan uit 'n siklus van nege en veertig sonnette. Graag stel ons dit heel aan die begin met groot nadruk: hier het ons werk van 'n besondere gaafen rypheid. Hoewel dit 'n eerstelingwerk is, is dit bepaald nie jeugwerk nie. Dit openbaar in teendeel 'n afgerondheid, 'n strakke spanningslyn van die eerste tot die laaste sonnet wat slegs by 'n digter van vele werke verwag kan word. Dit is bepaald wat hierdie bundel is: 'n voldrae ryp werk, wat ontspring het uit die innerlike worsteling van 'n ryk gees.

Vir die leser wat nie dieper wil delf nie, is dit hier te doen om die Bybelverhaal: groots word die hoofmomente uit die heilsgeskiedenis verbeeld, vanaf die skeppingsdaad tot by Betlehem en Getsemane, sonder om enigsin 'n gedetailleerde opsomminge oorsig te probeer gee. Soms is dit slegs 'n sin, soms 'n frase, soms 'n enkele woord wat die bekende geskiedenis in hierdie verse tot gestalte laat kom.

Op die tweede vlak is die verse egter geweef om die wese van die mens, hierdie deur God geskape wese. Die digter kom hierin te staan voor die uiteindelijke probleem van sy wese, sy menssyn, en van sy bestemming, sy geworpe-syn. Met intuitiewe blik probeer hy die transendente deurpyl; met angs en jubel in sy siel word hy deur die metafisiese lewensraaisel getref; hy worstel om hierdie raaisel te begryp. Op hierdie vlak is die poësie van Smit 'n weerspieëling van

die volle lewe en 'n voedende krag tot die lewe — 'n heenduiding na die grense van die misterie, 'n deurdringing en ontsluiting van die sin van die ewige raaisel, 'n tasting na die onkenbare, die onsegbare, die onsigbare wêreld van die Andere, 'n ontgrensing van die tydruimtelike bestaan, 'n binnedringing van die Oneindige. Die mens as geworpe-syn word hier meer as hyself — hy word 'n syn-tot-die-Ewige.

Op 'n volgende vlak openbaar die verse nog eens 'n boeiende tafereel: 'n grootste spanning tussen die mens en God. Die aanvanklike eenheid of geheelheid word verskeur eerstens deur die skeppingsdaad van God self waardeur skeiding teweeggebring word tussen God en mens, en voorts deur die mens in sy vervreemdingsdaad, sy afsonderingsdaad. Dan hunker die mens terug na sy Skepper, dan worstel hy om die ooreenheid te herstel dan gryp hy na elke geleentheid om weer die Ewige deelagtig te word, om verlos te word van hierdie aarde-gebondenheid. Hierdie swerftog van die mens word kragtig verwoord in sonnet XL My God, hoe ver het U vir my laat swerwe

U skepping deur: In Eden was ek, poort van oerbegin en skuld wat my gedryf het voort die eeue deur op soek na U wat ek moes derwe.

Dit eindig in die angsroep om God; dit word die roep van al die mense deur al die eeue heen — 'n roep om een te word met die Ewige Bron:

O God, barmhartig — ewig — ek het net bly val

Ai, Here, is die einde nog so ver?

Vierdens, en hier het ons 'n unieke bydrae in ons Afrikaanse poësie, kry ons in die verse die vlak van die Bo-tydelike, die Bo-ruimtelike, van God self. Die wese God wat hier met die mens gekonfronteer word, is die Lewende, die Ewige. Die teïstiese godsbeeld is merendeels Calvinisties geteken — in etlike sonnette besonder getrou aan die Skrifsieninge. Vergelyk veral Sonnet XLI: God is die Gans-Andere, die transendente wese; tog is Hy immanent werksaam in Sy skepsele:

o heil'ge Vuur, die Drie wat EEN is:

Gloed en Brand en Lig, o Altaarvlam — teen U is niks bestand —

o Bos-aan-Brand en Blanke Ster, o Tong-van-Vuur en Vuurkolom wat gloei in nagwoestyn en uur

van hoogste nood, o Gloed wat woon in U profet;

Wat is daar nog wat ek omtrent U vuur moet weet?

In heilige erns en algehele oorgawe word die wese God in hierdie verse uitgebeeld as die Rustelose wat in die geskapene die rus besoek het. Die hele bundel word 'n worsteling van God om weer die ewewig wat deur die mens versteur is, te herstel. Die mens wou nie mens bly nie, maar as 'n „halwe god” het hy die grense van sy geskapenheid oorskry — so is die rus van God in Sy skepping versteur. Die uiteinde is die terugkeer tot die Oer-vorm. Onheilvol val die slotwoorde van die bundel op ons as mensekinders:

Woes en leeg is weer die aarde. Peinsend sweef my Gees, ge-heel en goed.

M. S. du B.

# Boekaankondiging

- Reyer Ansló: PARYSCHE BRUILOFT: Treurspel. Van inleiding en aantekeningen voorzien door Dr. H. H. Knippenberg. Zwolse drukken en herdrukken, 1958, nr. 30. Prys: f.5, ing.
- C. G. S. de Villiers: MUSICI EN MENSE. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1958. Prys: 11/6.
- Eeltsje Halbertsma: POEZIJ EN PROAZA FAN E.H. Bloemlêzing ut syn werk, mei ynlieding en aantekeningen van Dr. J. H. Brouwer. Zwolse drukken en herdrukken, 1958, nr. 34. Prys: f.7.50 ing.
- DE FRAGMENTEN VAN DE TWEDE ROSE, uitgegeven door Prof. Dr. K. Heeroma. Zwolse drukken en herdrukken, 1958, nr. 33. Prys: f.9 geb.
- MARIKEN VAN NIEUMEGEN, ingeleid en van aantekeninge voorzien door Dr. L. Debaene. Reeks: Klassieken uit de Nederlandse Letterkunde. Zwolle, 1958, nr. 10. Prys f.3.25.
- JACQUES PERKS GEDICHTEN, volgens de eerste druk (1882). Uitgegeven door Dr. G. Stuiveling. Zwolse drukken en herdrukken, 1958, nr. 10. Prys: f.10 ing.
- Pelgrim Pullen: DIE NAVOLGINGHE CHRISTI, ingeleid en toegelicht door Prof. Dr. A. van Elslander. Kon. Vlaamse Academie voor Taal- en Letterkunde, Reeks III, nr. 36, Gent 1958.
- Suid-Afrikaanse Spoorweë:
1. LYS PASSASIERSWA- EN -TROKTERME, 1957.
  2. LYS SPYSKAARTTERME, 1957.
  3. MOTORTERME (s.j. — 1957?)

## Briefwisseling:

Mnr. W. C. Groenewald, Leudoringstad, skryf:

In die artikel: Die Nuwe Vorm en Prosa (Junie 1958) deur Soul, kom iets voor wat nie vir my duidelik is nie. Op bl. 53 noem hy 'n gedig NAG, waarvan hy op bl. 56 sê: „'n Juweel is dit, en tog is dit vreemd dat hierdie gedig heeltemal onbekend gebly het in Afrikaans.”

Die „gedig” waarna hier verwys word is dan 'n gedeelte prosa van Sangiro wat in digvorm geskryf is! (Vgl. Uit Oerwoud en Vlakke, bl. 149). Graag verneem ek Soul se kommentaar.

Soul antwoord: Inderdaad is dit só. Ook met die ander aangehaalde gedeeltes is „geknoei” — met die medewete van die redaksie! Doel was om te toon hoe die digvorm ons deur ons oë bestaan om die betekenis van elke aparte woord uit te diep, terwyl ons dié hulpmiddel gewoonlik in prosa moet mis.

## Skrywersaangeleenthede

By die Hoofbestuursvergadering verlede September in Durbanville is die volgende bestuur verkies:

Voorsitter: Prof. Abel Coetzee.

Ondervoorsitters: Proff. M. S. B. Kritzinger en D. F. Malherbe.

Sekretaris/Penningmeester: Dr. J. Kromhout.

Hulpsekretaris: Dr. S. C. Hattingh.

Die erelidmaatskap van mev. M. M. van den Heever en prof. T. J. Haarhoff is bekragtig, asook die gewone lidmaatskap van dertien nuwe lede. Die stigting van twee fondse is goedgekeur, waarvan besonderhede later vrygestel sal word. Die volgende gedenkplaat van die Skrywerskring sal op die graf van wyle C. M. van den Heever onthul word. 'n Kaaplandse lid stel 'n jeugpenning beskikbaar, d.i. 'n driejaarlikse prys vir die beste jeugboek. Die eerste toekening word in 1960 gemaak. Die Skrywerskring se volgende vyfjaarlikse prys sal ook in 1960 toegeken word, sodat albei hierdie pryse met die Uniefees van 1960 saamval.

Die afgevaardigdes na die Hoofbestuursvergadering is die middag van 25 September deur die burgemeester en raadsale van Durbanville ontvang. In die aand is 'n openbare byeenkoms in die Hoërskool J. J. du Preez te Parow gehou en die gehoor is deur die voorsitter, die hoof van die skool, Minnie Postma, Dricky Beukes, Gert Pretorius, Ben Conradie en A. J. J. Visser toegespreek.

\* \* \* \*

Van die Filippynse sentrum van die PEN, 2972-A Sta. Mesa Blvd., Manila, het ons 'n eksemplaar ontvang van hulle kwartaalblad, *Comment*. Van die artikels wat insiggewend is, noem ons: „The United States in Perspective,” „On distortion in Art and Science,” „Our Spanish Cultural Heritage” en „The Economics of Philippine Culture.”

\* \* \* \*

Met die welwillende steun van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap is die referate wat tydens die derde Uniale Skrywerskongres te Pretoria in April verlede jaar gelewer is, in boekvorm uitgegee en kosteloos aan lede van die Afrikaanse Skrywerskring, aan intekenare op die Tydskrif vir Letterkunde sowel as die publiek beskikbaar gestel. Eksemplare is aan sowat tagtig sentrums van die PEN oor die hele wêreld gestuur, asook aan die Suid-Afrikaanse kopiereg- en ander biblioteke, Universiteite en ander openbare instansies. Die ontvangs was besonder gunstig. 'n Hele aantal versoeke om ekstra eksemplare is ontvang. 'n Beperkte aantal is nog voorhande en aanvrae kan gerig word aan die Algemene Sekretaris, Skrywerskring, Posbus 1013, Johannesburg.

\* \* \* \*

Soos in die verlede, het die Rembrandt-Tabakkorporasie (S.A.) Beperk, weer eens 'n bydrae aan die Skrywerskring se Noodhulpfonds vir 1958 gestuur. Saam met die skenkings van mnr. Harm Oost is reeds 'n redelike bedrag opgebou. Ons is Rembrandt besonder dankbaar vir hulle mooi gebaar.

\* \* \* \*

Uit die jongste nuusbuletin van die Japanse PEN-sentrum, Posbus 586, Tokio-sentraal, blyk dat daar in die afgelope twee maande dertig vertaalde boeke uit Europese tale in Japannees in Japan verskyn het. Skrywers wie se werke vertaal is, sluit onder meer in: Katherine Mansfield, George Orwell, Dante, Thomas Mann, Hugo von Hofmansthal, Homerus, Ernest Hemingway, Winston Churchill, E. M. Remarque en Jules Romains.

\* \* \* \*

Die All India Writers' Conference en die PEN se silwerjubileum is op 1, 2 en 3 Januarie vanjaar te Orissa, Indië, gehou. Die konferensie is onder andere deur sir Jawaharlal Nehru toegespreek, luidens 'n nuusbrief van die Indiese PEN-sentrum.

\* \* \* \*

Uit Australië ontvang ons berig dat die Internasionale PEN-kongres vir 1962 te Melbourne gehou sal word, gedurende die eerste tien dae van September 1962. Volgens voorlopige reëlings sal afgevaardigdes ook een dag in Canberra en twee dae lank in Sydney onthaal word.

\* \* \* \*

Vertalers sal belang stel in verslae vanuit Warskou betreffende die eerste internasionale vertalerskongres wat aldaar, onder die beskerming van die PEN, in Juliemaand 1958 gehou is. Die PEN en die FIT (Fédération Internationale des Traducteurs) het o.m. besluit dat 'n veldtog onder die vertalers en vertalersorganisasies oor die hele wêreld van stapel gestuur word om by die publiek 'n waardering en erkenning af te dwing van die belang en kulturele waarde van die vertaler se arbeid; uitgewers moet die vertaler se naam in alle boeke, katalogusse en advertensies opneem; kritici moet ook die vertaler se aandeel, as medeskrywer, aan 'n waardebeoordeling onderwerp; 'n permanente organiserende komitee word gestig om vertalers se belange te behartig, en meer en gereelde kongresse sal gehou word om hieraan uitvoering te gee (kyk ook deel IX, nr. 2 van die Internasionale PEN se „Bulletin of Selected Books”).

ELATA







Volledige beskerming  
deur SANLAM:

- **AFTREEPENSIOEN**
- **WEDUWEESPENSIOEN**
- **GEREELDE INKOMSTE BY  
LIGGAAMLIKE ONGESKIKTHEID**
- **OPERASIELENINGS (RENTEVRY!)**
- **VOORSIENING VIR BOEDELBELASTING**
- **INKOMSTEBESKERMING**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKKING**
- **VENNOOTSKAPSDEKKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SIEKTEVERSEKERING  
(DEUR SANSOM, ONS FILIAAL)**

BESPREEK GERUS U BEHOEFTES MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is

**SANLAM**

VZ 1725P



## Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewende na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN-sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die samegestelde resultaat van talle klein verbeterings. En hierdie doel is verwezenlik in Rembrandt VAN RIJN — die meesterstuk in sigarette.

*Rembrandt*  
**VAN RIJN**

**FILTER DE LUXE**

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA-537